OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES - AFRIKA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Friday, 4th March, 1960 WINDHOEK Vrydag, 4 Maart 1960 No. 2241

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. 293 (Unie).] [4 Maart 1960.

MARINE-AFDELING.

REGULASIES IN VERBAND MET DIE KONSTRUKSIE VAN SKEPE.

Dit het die Minister van Vervoer behaag om, kragtens die bepalings van artikel *driehonderd ses-en-vyftig* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), die volgende regulasies uit te vaardig.

INHOUD.

GOVERNMENT NOTICE.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. R. 293 (Union).] [4 March 1960.

MARINE DIVISION.

REGULATIONS GOVERNING THE CONSTRUCTION OF SHIPS.

The Minister of Transport has been pleased, under the provisions of section *three hundred and fifty-six* of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), to make the following regulations.

CONTENTS.

HOOFSTUK II (A).—VEREISTES VIR SKEPE WAT NIE VEREIS WORD OM AAN HOOFSTUK II TE VOLDOEN NIE.

21. Toepassing van Hoofstuk II(A).
22. Openings in die skeepsboorde.

HOOFSTUK III.—LENSPOMPINRIGTINGS.

23. Toepassing van Hoofstuk III.
24. Algemeen.
25. Getal en tipe lenspompe: Skepe van Klas I en II.
26. Getal en tipe lenspompe: Skepe van Klas IIA.
27. Getal en tipe lenspompe, ens.: Skepe van Klas VI.
28. Vereistes vir lenspompe en lenssuigings.
29. Inrigting van lenspype.
30. Deursnee van lenssuigpype.
31. Voorsorgmaatreëls teen oorstroming deur lenspype.
32. Lenskleppe, -krane, ens.
33. Lensslytkaste en -suigkorwe.
34. Pylkokers.

HOOFSTUK IV.—ELEKTRIESE UITRUSTING EN INSTALLASIES.

35. Toepassing van Hoofstuk IV.
36. Algemeen.
37. Hoofopwekkingstoestelle: Skepe van Klasse I, II en IIA.
38. Elektrisiteitsnoodkragbron: Skepe van Klasse I, II en IIA.
39. Stroomverdelingstelsels.
40. Algemene elektrisiteits-voorsorgmaatreëls.
41. Spaarparte en gereedskap.

HOOFSTUK V.—BESKERMING TEEN BRAND: SKEPE VAN KLASSE I, II EN IIA.

42. Toepassing van Hoofstuk V.
43. Vertoon van planne.
44. Afdelings van die „ A "- en „ B "-klas.
45. Bou van die skip.
46. Openings in afdelings van die „ A "-klas.
47. Skeiding van verblyfruimtes van ander omslote ruimtes.
48. Beskerming van trappe.
49. Beskerming van hysbakke en vertikale kokers vir lig en lug.
50. Beskerming van beheerposte.
51. Beskerming van voorraadkamers, ens.
52. Dekomhulling.
53. Ventilasiestelsels.
54. Diverse besonderhede van beskerming teen brand.
55. Voorsiening vir kinematografiese vertonings.
56. Brandbeskermingsmetodes.
57. Beskotte binne die hoof-vertikale sones. (Metodes I en III.)
58. Outomatiese brandalarm- en brandopsporingstelsels (Metodes I en III).
59. Outomatiese sproeier-, brandalarm- en brandopsporingstelsels (Metode II).
60. Beperking van brandbare materiaal, ens. (Metodes I en III).

HOOFSTUK V (A).—BESKERMING TEEN BRAND: SKEPE VAN KLAS VI.

61. Toepassing van Hoofstuk V (A).
62. Afdelings.

CHAPTER II (A).—REQUIREMENTS FOR SHIPS NOT REQUIRED TO COMPLY WITH CHAPTER II.

21. Application of Chapter II (A).
22. Openings in the sides of the ship.

CHAPTER III.—BILGE PUMPING ARRANGEMENTS.

23. Application of Chapter III.
24. General.
25. Number and type of bilge pumps: Ships of Classes I and II.
26. Number and type of bilge pumps: Ships of Class IIA.
27. Number and type of bilge pumps, etc.: Ships of Class VI.
28. Requirements for bilge pumps and bilge suctions.
29. Arrangement of bilge pipes.
30. Diameter of bilge suction pipes.
31. Precautions against flooding through bilge pipes.
32. Bilge valves, cocks, etc.
33. Bilge mud boxes and strum boxes.
34. Sounding pipes.

CHAPTER IV.—ELECTRICAL EQUIPMENT AND INSTALLATIONS.

35. Application of Chapter IV.
36. General.
37. Main generating sets: Ships of Classes I, II and IIA.
38. Emergency source of electrical power: Ships of Classes I, II and IIA.
39. Distribution systems.
40. General electrical precautions.
41. Spare parts and tools.

CHAPTER V.—FIRE PROTECTION: SHIPS OF CLASSES I, II AND IIA.

42. Application of Chapter V.
43. Exhibition of plans.
44. " A " and " B " class divisions.
45. Structure of the ship.
46. Openings in " A " class divisions.
47. Separation of accommodation spaces from other enclosed spaces.
48. Protection of stairways.
49. Protection of lifts and vertical trunks for light and air.
50. Protection of control stations.
51. Protection of store rooms, etc.
52. Deck sheathing.
53. Ventilation systems.
54. Miscellaneous items of fire protection.
55. Provision for cinematograph exhibitions.
56. Methods of fire protection.
57. Bulkheads within main vertical zones. (Methods I and III.)
58. Automatic fire alarm and fire detection systems. (Methods I and III.)
59. Automatic sprinkler, fire alarm and fire detection systems. (Method II.)
60. Restriction of combustible material, etc. (Methods I and III.)

CHAPTER V (A).—FIRE PROTECTION: SHIPS OF CLASS VI.

61. Application of Chapter V (A).
62. Divisions.

KONSTRUKSIE VAN ROMPE.

HOOFSTUK III.—PERIODIEKE ONDERSOEK.

HOOFSTUK IV.—VRYSTELLINGS EN GELYKWAARDIGHEDE.

INLEIDENDE BEPALINGS.

1. TITEL VAN HIERDIE REGULASIES.

Hierdie regulasies staan bekend as die regulasies in verband met konstruksie, 1960.

[OPMERKINGS.—(*a*) Hierdie regulasies word in twee dele verdeel: Deel I is van toepassing op passasierskepe, en Deel II op vissersbote, robbevaarders en walvisvaarders met landbasis.

(*b*) Nie-passasierskepe waarop hierdie regulasies nie van toepassing is nie, moet aan die vereistes wat deur 'n erkende klassifikasievereniging bepaal word, voldoen. Indien sulke skepe nie by sodanige vereniging geklassifiseer is nie, moet die eienaars en gesagvoerders daarvan tot sodanige tyd wanneer regulasies uitgevaardig word, die opnemer tevredestel dat die skepe sodanig gebou is om voldoende beskerming vir alle persone aan boord te bied.]

CONSTRUCTION OF HULLS.

CHAPTER III.—PERIODIC SURVEYS.

CHAPTER IV.—EXEMPTIONS AND EQUIVALENTS.

PRELIMINARY.

1. TITLE OF THESE REGULATIONS.

These regulations are called the construction regulations, 1960.

[NOTES.—(*a*) These regulations are divided into two parts. Part I applies to passenger ships, and Part II to fishing, sealing and shore-based whaling boats.

(*b*) Non-passenger ships to which these regulations do not apply should comply with the requirements laid down by a recognised Classification Society. If such ships are not classed with such a Society, the owners and masters thereof should until such time as regulations are promulgated, satisfy the surveyor that the ships are constructed in such a manner as to ensure adequate protection for all persons on board.]

DEEL I.
(Passasierskepe.)

HOOFSTUK I.—ALGEMEEN.

2. WOORDBETEKENIS.

In hierdie Deel beteken die uitdrukking „die Wet" die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951) en, tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis toegeken is, wanneer dit in hierdie Deel gebruik word, die aldus toegekende betekenis, en beteken—

„afdeling van die „A"-klas", 'n beskot of 'n deel van 'n dek, wat in beide gevalle voldoen aan sodanige van die vereistes van regulasie 44 soos uitgedruk om op afdelings van die „A"-klas van toepassing te wees;

sluit—

„verblyfruimte" in—

(*a*) passasiersruimtes,

(*b*) bemanningsruimte,

(*c*) kantore,

(*d*) aanregkamers, en

(*e*) ruimte gelykstaande aan enige van die voorafgaande,

wat nie diensruimtes of oop ruimtes op dek is nie;

beteken—

„afdeling van die „B"-klas", 'n beskot wat voldoen aan sodanige van die vereistes van regulasie 44 soos uitgedruk om op afdelings van die „B"-klas van toepassing te wees;

„breedte van die skip", die grootste grootspantbreedte by of onderkant die skip se boonste indelingslaswaterlyn;

„beskotdek", die boonste dek tot waar die waterdigte dwarsbeskotte opgetrek is;

„vragruim", in Hoofstuk V, ruimte afgesonder vir vrag, behalwe pos en staafgoud en -silwer, en kokers wat na sulke ruimtes lei;

„voor of na enige datum gebou", dat die kiel van die skip waarna verwys word, voor of na daardie datum gelê is, wat die geval ookal mag wees;

sluit—

„beheerpos", in—

(*a*) 'n radiotelegraafkamer;

(*b*) enige ander ingeslote ruimte wat die volgende bevat—

(i) 'n kompas, 'n rigtingsoeker, radartoerusting, 'n stuurwiel, of soortgelyke toerusting wat vir navigasie gebruik word;

(ii) 'n sentrale aanduier verbind met 'n stelsel vir die opspoor van brand of rook; of

(iii) 'n noodontwikkelaar;

beteken—

„bemanningsruimte", woonruim vir die bemanning;

„kriteriumgetal", met betrekking tot enige skip, die kriteriumgetal van die skip bereken ooreenkomstig sodanige bepalings van die Eerste Bylae as wat op daardie skip van toepassing is;

„diepgang" die vertikale afstand vanaf die grondlyn midskeeps tot by 'n indelingslaswaterlyn;

„indelingsfaktor", met betrekking tot enige skip of gedeelte daarvan, die indelingsfaktor bereken ooreenkomstig sodanige bepalings van die Eerste Bylae as wat van toepassing is op daardie skip of gedeelte, wat ookal die geval is;

„vulbare lengte", met betrekking tot enige gedeelte van 'n skip by enige diepgang, die maksimum gedeelte van die skeepslengte wat 'n gegewe punt in die skip as middelpunt het, wat by daardie diepgang en onder sodanige van die veronderstellings van deurdringbaarheid vervat in die Eerste Bylae soos van toepassing in die omstandighede, gevul kan word sonder dat enige deel van die skip se indompelingsgrenslyn insink wanneer die skip gladnie oorhel nie;

PART I.
(Passenger ships.)

CHAPTER I.—GENERAL.

2. INTERPRETATION.

In this Part the expression "the Act" means the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), and unless the context otherwise indicates, any expression used in this Part to which a meaning has been assigned in the Act, bears the meaning so assigned, and—

"'A' class division" means a bulkhead or part of a deck, in either case complying with such of the requirements of regulation 44 as are expressed to apply to "A" class divisions;

"accommodation space" includes—

(*a*) passenger spaces,

(*b*) crew space,

(*c*) offices,

(*d*) pantries, and

(*e*) space similar to any of the foregoing,

not being service spaces or open spaces on deck;

"'B' class division" means a bulkhead complying with such of the requirements of regulation 44 as are expressed to apply to "B" class divisions;

"breadth of the ship" means the greatest moulded breadth at or below the ship's deepest subdivision load water line;

"bulkhead deck" means the uppermost deck up to which transverse watertight bulkheads are carried;

"cargo space" in Chapter V means space appropriated for cargo, other than mail and bullion, and trunks leading to such spaces;

"constructed before or after any date" means that the keel of the ship under reference was laid before or after that date, as the case may be;

"control station" includes—

(*a*) a radiotelegraph room;

(*b*) any other enclosed space which houses—

(i) a compass, direction-finder, radar equipment, a steering wheel, or other similar equipment used in navigation;

(ii) a central indicator connected with a system for the detection of fire or smoke; or

(iii) an emergency generator;

"crew space" means crew accommodation;

"criterion numeral" in relation to any ship means the criterion numeral of the ship determined in accordance with such of the provisions of the First Schedule as apply to that ship;

"draught" means the vertical distance from the moulded base line amidships to a subdivision load water line;

"factor of subdivision" in relation to any ship or portion thereof means the factor of subdivision determined in accordance with such of the provisions of the First Schedule as apply to that ship or portion as the case may be;

"floodable length" in relation to any portion of a ship at any draught means the maximum length of that portion having its centre at a given point in the ship which, at that draught and under such of the assumptions of permeability set forth in the First Schedule as are applicable in the circumstances, can be flooded without submerging any part of the ship's margin line when the ship has no list;

„ vuurvaste materiaal ", 'n materiaal wat nie brand nie as dit verhit word tot 'n temperatuur van 1,382° F. (750° C.) en wat ook nie ontvlambare dampe in genoegsame hoeveelheid afgee om te ontvlam wanneer dit met 'n proefvlam in aanraking gebring word nie, en die uitdrukking „ brandbare materiaal " word dienooreenkomstig verklaar;

„ onafhanklike kragpomp ", 'n pomp wat deur 'n ander krag as dié van die skip se hoofenjins aangedryf word;

„ lengte ", met betrekking tot 'n skip, die lengte van 'n skip gemeet tussen die loodlyne aan die ente van die boonste indelingslaswaterlyn;

„ masjinerieruim ", in elke Hoofstuk behalwe Hoofstukke V en V (A), die ruimte wat strek vanaf die grondlyn van die skip tot by die indompelingsgrenslyn en tussen die buitenste waterdigte dwarsbeskotte wat die ruimtes begrens wat bestem is vir die hoof- en hulpaandrywingsmasjinerie, stoomketels, as daar is, en die blywende koolbunkers, as daar is;

sluit—

„ masjinerieruim ", in Hoofstukke V en V (A), ruimtes in waar aandryf- of verkoelingsmasjinerie, stoomketels, pompe, ingenieurswerkswinkels, ontwikkelaars, ventilerings- of lugreëlingsmasjinerie of olievulposte geleë is en verkeersgange na sulke ruimtes;

beteken—

„ hoofsirkulasiepomp ", die pomp wat aangebring is om water deur die hoofkondensator te sirkuleer;

„ hoofvertikale sones ", die hoofvertikale sones waarin die romp, bobou en dekhuise van 'n skip verdeel word ooreenkomstig paragraaf (2) van regulasie 45;

„ indompelingsgrenslyn ", 'n lyn minstens 3 duim onderkant die boonste oppervlakte van die beskotdek aan die kant van die skip getrek; en veronderstel word ten einde die vulbare lengte van die skip te bepaal;

„ myl ", 'n seemyl van 6,080 voet;

„ passasiersruimte ", ruimte ingerig vir die gebruik van passasiers;

„ deurdringbaarheid ", met betrekking tot 'n ruimte, die persentasie van daardie ruimte onderkant die skip se indompelingsgrenslyn wat, met die veronderstelling dat dit in gebruik is vir die doel waarvoor dit aangewend is, deur water ingeneem kan word;

sluit—

„ openbare kamers ", sale, eetkamers, kroeë, rookkamers, sitkamers, ontspanningskamers, kinderkamers en biblioteke in;

het—

„ radiotelegraafkamer ", die betekenis wat in die handelskeepvaartradioregulasies daaraan toegewys is;

sluit—

„ diensruimte " kombuise, hoofaanregkamers, waserye, voorraadkamers, verfkamers, bagasiekamers, poskamers, staafgoud- en silwerkamers, skrynwerker- en loodgieterswerkswinkels en verkeersgange na sulke ruimtes in;

beteken—

„ skip " 'n skip waarop hierdie Deel ooreenkomstig regulasies 3 en 4 van toepassing is;

„ standaardvuurtoets " 'n toets in die loop waarvan daar in die toetsoond die volgende tydsverlooptemperature bereik word: —

Aan die end van die eerste 5 minute—1,000° F. (538° C.).

Aan die end van die eerste 10 minute—1,300° F. (704° C.).

Aan die end van die eerste 30 minute—1,550° F. (843° C.).

Aan die end van die eerste 60 minute—1,700° F. (927° C.).

„ indelingslaslyn " die laslyn wat die diepte aandui waartoe die skip gelaai mag word met inagneming van die mate waarin dit ingedeel is en die ruimte wat intussen aan passasiers toegeken word;

" incombustible material " means material which when heated to a temperature of 1382° F. (750° C.) neither burns nor gives off inflammable vapours in sufficient quantity to ignite at a pilot-flame, and the expression " combustible material " shall be construed accordingly;

" independent power pump " means a pump operated by power otherwise than from the ship's main engines;

" length " in relation to a ship, means the length of a ship measured between perpendiculars taken at the extremities of the deepest subdivision load water line;

" machinery space " in every Chapter, other than Chapters V and V (A), means space extending from the moulded baseline of the ship to the margin line and between the extreme transverse watertight bulkheads bounding the spaces appropriated to the main and auxiliary propelling machinery, boilers, if any, and the permanent coal bunkers, if any;

" machinery space " in Chapters V and V (A) includes spaces in which propelling or refrigerating machinery, boilers, pumps, engineers' workshops, generators, ventilation or air conditioning machinery, or oil filling stations are situated, and trunkways leading to such spaces;

" main circulating pump " means the pump installed for circulating water through the main condenser;

" main vertical zones " means the main vertical zones into which the hull, superstructure and deckhouses of a ship are divided in accordance with paragraph (2) of regulation 45;

" margin line " means a line drawn at least 3 inches below the upper surface of the bulkhead deck at the side of a ship, and assumed for the purpose of determining the floodable length of the ship;

" mile " means a nautical mile of 6,080 feet;

" passenger space " means space provided for the use of passengers;

" permeability " in relation to a space means the percentage of that space below the ship's margin line which, on the assumption that it is in use for the purpose for which it is appropriated, can be occupied by water;

" public rooms " includes halls, dining rooms, bars, smoke rooms, lounges, recreation rooms, nurseries and libraries;

" radiotelegraph room " has the meaning assigned to it in the Merchant Shipping Radio Regulations;

" service space " includes galleys, main pantries, laundries, store rooms, paint rooms, baggage rooms, mail rooms, bullion rooms, carpenters' and plumbers' workshops, and trunkways leading to such spaces;

" ship " means a ship to which this Part applies in terms of regulations 3 and 4;

" standard fire test " means a test which develops in a test furnace a series of time-temperature relationships as follows: —

At the end of the first 5 minutes—1,000° F. (538° C.).

At the end of the first 10 minutes—1,300° F. (704° C.).

At the end of the first 30 minutes—1,550° F. (843° C.).

At the end of the first 60 minutes—1,700° F. (927° C.);

" subdivision load line " means the load line indicating the depth to which the ship may be loaded having regard to the extent to which she is subdivided and to the space for the time being allotted to passengers;

„ indelingslaswaterlyn " die waterlyn wat veronderstel word by die indeling van die skip ooreenkomstig hierdie deel;

„ waterdig " met betrekking tot 'n bouwerk, in staat om die deurlaat van water deur die bouwerk in enige rigting onder 'n kolom water tot by die skip se indompelingsgrenslyn te verhoed;

„ dig teen wind en weer " met betrekking tot 'n bouwerk, in staat om die deurlaat van seewater deur die bouwerk in gewone seetoestande te verhoed.

[OPMERKING.—Artikel *twee* van die Wet sluit die volgende woordbepalings in:—

„ Akkommodasie vir die bemanning " ook slaapkamers, pakkamers, skeepskombuise, eetkamers, sanitêre akkommodasie, hospitale en ruimtes vir ontspanning wat vir gebruik deur of tot voordeel van seelui en leerling-offisiere verskaf word;

„ internasionale reis ", in verband met skepe wat in 'n land geregistreer is waarop die Laslynkonvensie van toepassing is, 'n reis vanaf 'n hawe in een land tot 'n hawe in 'n ander land waar een van die twee 'n land is waarop die Laslynkonvensie van toepassing is, en in verband met skepe wat in 'n land geregistreer is waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is, beteken dit 'n reis vanaf 'n hawe in een land na 'n hawe in 'n ander land waar een van die twee 'n land is waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is, en „ kort internasionale reis " 'n internasionale reis waarop 'n skip nie meer as tweehonderd seemyl vanaf 'n hawe waarin die passasiers of bemanning in veiligheid gebring sou kan word, sal wees nie, en waarop die afstand tussen die laaste aanloophawe van die land waarin die reis 'n aanvang geneem het en die uiteindelike bestemmingshawe, nie meer as seshonderd seemyl sal wees nie;

„ Minister " die Minister van Vervoer;

„ passasier " 'n persoon wat op 'n skip vervoer word, behalwe—

(*a*) 'n persoon wat in enige hoedanigheid aan boord van die skip in verband met die besigheid van die skip in diens is of bedrywig is;

(*b*) 'n persoon wat aan boord van die skip is òf ingevolge die verpligting wat hierdie Wet die gesagvoerder oplê om skipbreukelinge, mense in nood of ander persone te vervoer òf vanweë enige omstandigheid wat nòg die gesagvoerder nòg die eienaar nòg die bevragter (as daar een is) kan voorkom het nie; en

(*c*) 'n kind wat onder een jaar oud is;

„ passasierskip " 'n skip wat meer as twaalf passasiers vervoer;

„ Sekretaris " die Sekretaris van Vervoer;

„ opnemer " 'n skeepsopnemer, ingenieur-opnemer of radio- of ander opnemer (in aanmerking genome die sake wat ondersoek word of ondersoek moet word) wat kragtens paragraaf (*b*) van artikel *vier* erken of aangestel is.]

3. TOEPASSING.

Hierdie Deel is van toepassing op elke passasierskip wat in die Unie geregistreer is of as sodanig geregistreer geag word.

(OPMERKING.—Die aandag word gevestig op regulasie 87 ingevolge waarvan 'n skip van die vereistes van hierdie Deel vrygestel mag word.)

4. KLASSIFIKASIE VAN SKEPE.

Die skepe waarop hierdie deel van toepassing is word in die volgende klasse verdeel:—

Klas I.—Skepe wat gebruik word vir reise waarvan enige internasionale reise, behalwe kort internasionale reise, is.

Klas II.—Skepe, behalwe skepe van Klas I, wat gebruik word vir reise waarvan enige kort internasionale reise is.

" subdivision load water line " means the water line assumed in determining the subdivision of the ship in accordance with this Part;

" watertight " in relation to a structure, means capable of preventing the passage of water through the structure in any direction under a head of water up to the ship's margin line;

" weathertight " in relation to a structure, means capable of preventing the passage of sea water through the structure in ordinary sea conditions.

[NOTE.—Section *two* of the Act includes the following definitions:—

" Crew accommodation " includes sleeping rooms, store rooms, galleys, mess rooms, sanitary accommodation, hospitals and recreation spaces provided for use by or for the benefit of seamen and apprentice-officers;

" international voyage ", when used with reference to ships registered in a country to which the Load Line Convention applies; means a voyage from a port in one country to a port in another country, either of those countries being a country to which the Load Line Convention applies, and when used with reference to ships registered in a country to which the Safety Convention applies, means a voyage from a port in one country to a port in another country either of those countries being a country to which the Safety Convention applies; and " short international voyage " means an international voyage in the course of which a ship is not more than two hundred nautical miles from a port in which the passengers and crew could be placed in safety, and which does not exceed six hundred nautical miles in length between the last port of call in the country in which the voyage begins and the final port of destination;

" Minister " means the Minister of Transport;

" passenger " means any person carried in a ship, except—

(*a*) a person employed or engaged in any capacity on board the ship on the business of the ship;

(*b*) a person on board the ship either in pursuance of the obligation laid upon the master to carry shipwrecked, distressed or other persons or by reason of any circumstance that neither the master nor the owner nor the charterer (if any) could have prevented; and

(*c*) a child under one year of age;

" passenger ship " means a ship which carries more than twelve passengers;

" Secretary " means the Secretary for Transport;

" surveyor " means a ship surveyor, engineer surveyor or radio or other surveyor (having regard to the matters surveyed or to be surveyed) recognised or appointed in terms of paragraph (*b*) of section *four*.]

3. APPLICATION.

This Part shall apply to every passenger ship registered in the Union or deemed to be so registered.

(NOTE.—Attention is invited to regulation 87 in terms of which a ship may be exempted from the requirements of this Part.)

4. CLASSIFICATION OF SHIPS.

The ships to which this Part applies shall be divided into the following classes:—

Class I.—Ships engaged on voyages any of which are international voyages other than short international voyages.

Class II.—Ships, other than ships of Class I, engaged on voyages any of which are short international voyages.

Klas IIA.—Skepe, behalwe skepe van Klas VI, wat vir reise van enige aard behalwe internasionale reise gebruik word.

Klas III.—Nog nie toegewys nie.

Klas IV.—Nog nie toegewys nie.

Klas V.—Nog nie toegewys nie.

Klas VI.—Skepe wat slegs gebruik word vir reise in mooiweer met hoogstens 250 passasiers aan boord, in die loop van welke reise die skepe nooit meer as 15 myl van die vertrekpunt en ook nie meer as 5 myl van die land af is nie.

(OPMERKING.—Vir die toepassing van hierdie regulasie sluit „ reis " 'n plesierrit in.)

5. BOUSTERKTE.

Die bousterkte van elke skip moet voldoende wees vir die diens waarvoor die skip bedoel is.

HOOFSTUK II.—WATERDIGTE INDELING.

6. TOEPASSING VAN HOOFSTUK II.

Hierdie Hoofstuk is op elke skip van toepassing met uitsondering van 'n skip van Klas VI wat minder as 151 passasiers vervoer, en 'n „ Hoofstuk II-skip " beteken 'n skip waarop hierdie Hoofstuk aldus van toepassing is.

7. WATERDIGTE INDELING.

Elke Hoofstuk II-skip moet deur beskotte, wat tot by die beskotdek waterdig is, ingedeel word in afdelings waarvan die maksimum lengte bereken moet word ooreenkomstig sodanige van die bepalings van die Eerste Bylae as wat vir die skip geld. Elke ander gedeelte van die binnebou wat invloed uitoefen op die doeltreffendheid van die indeling van die skip moet waterdig wees, en die ontwerp daarvan moet verseker dat die indeling ongeskonde behoue bly.

8. PIEK- EN MASJIENRUIMBESKOTTE, ASTONNELS, ENS.

(1) Elke hoofstuk II-skip moet voorsien wees van 'n aanvaringsbeskot wat waterdig moet wees tot by die beskotdek en wat op 'n afstand van minstens vyf persent van die lengte van die skip en hoogstens 10 voet plus vyf persent van sodanige lengte van die skip se voorste loodlyn aangebring moet wees. Indien die skip 'n bobou op die voorskip het, moet die aanvaringsbeskot deurloop tot die dek bo die beskotdek en bestand wees teen wind en weer. Die verlenging moet direk bo die aanvaringsbeskot daaronder aangebring word tensy dit minstens vyf persent van die lengte van die skip van die voorste loodlyn verwyder is en die beskotdek wat die trapsgewyse verspringing vorm teen wind en weer bestand is. Die beplating en verstywings van so 'n verlenging moet ooreenkomstig die bepalings van die Derde Bylae gebou word asof die verlenging 'n deel vorm van 'n beskot reg onderkant die beskotdek.

(2) Elke Hoofstuk II-skip moet voorsien wees van 'n waterdigte agterpiekbeskot en van waterdigte beskotte wat die ruimte bestem vir die hoof- en hulpaandryfmasjinerie, stoomketels, as daar is, en die permanente koolbunkers, as daar is, van ander ruimtes skei. Sodanige beskotte moet tot by die beskotdek waterdig wees. Met die voorbehoud dat die agterpiekbeskot benede die beskotdek mag eindig mits die veiligheid van die skip nie daardeur belemmer word nie.

(3) Die skroefasdrukstuk van elke Hoofstuk II-skip moet geplaas wees in 'n waterdigte astonnel of ander waterdigte ruimte wat afsonderlik is van die skroefaskokerafdeling en met so 'n volume dat, indien die tonnel of ruimte sou volloop, die indompelingsgrenslyn nie onder water sal wees nie. Die skroefaskoker moet in 'n waterdigte ruimte ingesluit wees waarvan die volume die kleinste moet wees wat met die behoorlike ontwerp van die skip verenigbaar is.

Class IIA.—Ships, other than ships of Class VI, engaged on voyages of any kind other than international voyages.

Class III.—Not yet allocated.

Class IV.—Not yet allocated.

Class V.—Not yet allocated.

Class VI.—Ships engaged only on voyages with not more than 250 passengers on board to sea in fine weather, in the course of which voyages the ships are at no time more than 15 miles from their point of departure nor more than 5 miles from land.

(NOTE.—For the purpose of this regulation, „ voyage " includes an excursion.)

5. STRUCTURAL STRENGTH.

The structural strength of every ship shall be sufficient for the service for which the ship is intended.

CHAPTER II.—WATERTIGHT SUBDIVISION.

6. APPLICATION OF CHAPTER II.

This Chapter applies to every ship except a ship of Class VI carrying less than 151 passengers, and a " Chapter II ship " means a ship to which this Chapter so applies.

7. WATERTIGHT SUBDIVISION.

Every Chapter II ship be subdivided by bulkheads, which shall be watertight up to the bulkhead deck, into compartments the maximum length of which shall be calculated in accordance with such of the provisions of the First Schedule as apply to that ship. Every other portion of the internal structure which affects the efficiency of the subdivision of the ship shall be watertight and shall be of a design which will maintain the integrity of the subdivision.

8. PEAK AND MACHINERY SPACE BULKHEADS, SHAFT TUNNELS, ETC.

(1) Every Chapter II ship shall be provided with a collision bulkhead which shall be watertight up to the bulkhead deck and shall be fitted at a distance from the ship's forward perpendicular of not less than 5 per cent of the length of the ship and not more than 10 feet plus 5 per cent of such length. If the ship has a forward superstructure, the collision bulkhead shall be extended weathertight to the deck next above the bulkhead deck. The extension shall be fitted directly over the collision bulkhead below unless it is at least 5 per cent of the length of the ship from the forward perpendicular and the part of the bulkhead deck which forms the step is made watertight. The plating and stiffeners of such extension shall be constructed in accordance with the provisions of the Third Schedule as if the extension formed part of a bulkhead immediately below the bulkhead deck.

(2) Every Chapter II ship shall be provided with a watertight afterpeak bulkhead and with watertight bulkheads dividing the space appropriated to the main and auxiliary propelling machinery, boilers, if any, and the permanent coal bunkers, if any, from other spaces. Such bulkheads shall be watertight up to the bulkhead deck. Provided that the afterpeak bulkhead may be stopped below the bulkhead deck if the safety of the ship is not thereby impaired.

(3) The stern gland of every Chapter II ship shall be situated in a watertight shaft tunnel or other watertight space separate from the stern tube compartment and of such a volume that if the tunnel or space is flooded the margin line will not be submerged. The stern tube shall be enclosed in a watertight compartment, the volume of which shall be the smallest compatible with the proper design of the ship.

9. DUBBELE BODEMS.

(1) Onderworpe aan die bepalings van hierdie regulasie, moet elke skip van Klasse I, II en IIA toegerus word met 'n waterdigte dubbele bodem wat ten minste van die volgende omvang moet wees:—

(*a*) In skepe met 'n lengte van 200 voet en meer maar onder 249 voet: vanaf die masjinerieruim tot by die aanvaringsbeskot of so naby aan daardie beskot as wat prakties moontlik is;

(*b*) in skepe met 'n lengte van 249 voet of meer maar onder 330 voet: vanaf die aanvaringsbeskot tot by die agterpiekbeskot of so naby aan daardie beskotte as wat prakties moontlik is, maar nie noodwendig in die masjinerieruim nie;

(*c*) in skepe met 'n lengte van 330 voet of meer: vanaf die aanvaringsbeskot tot by die agterpiekbeskot of so naby aan daardie beskotte as wat prakties moontlik is.

(2) Waar hierdie regulasie vereis dat 'n dubbele bodem in die skip aangebring moet word, moet die binneste bodem tot by die skeepsboorde reik op so 'n wyse dat dit die bodem tot by die ronding van die kim sal beskerm. Die binneste bodem word vir hierdie doel as voldoende beskou indien die snylyn van die buitenste rand van die kantplaat en die huid op geen plek laer is nie as 'n horisontale vlak wat deur die snypunt loop tussen die spantlyn op die grootspant en 'n dwarsskeepse diagonaal wat onder 'n hoek van 25 grade met die basislyn getrek is en dit sny op 'n punt wat op 'n afstand van helfte van die grootspantbreedte van die middellyn geleë is.

(3) Putte wat vir dreineringsdoeleindes in die dubbele bodem aangebring is moet nie groter of dieper wees as wat vir sodanige doeleinde nodig is nie, en moet nie minder as 18 duim van die skeepsvlak of van die binneste rand van die kantplaat af wees nie: Met die voorbehoud dat 'n put wat tot op die skeepsvlak deurloop aan die agterent van 'n astonnel gebou kan word.

(4) Putte vir ander doeleindes as dreinering mag nie in die dubbele bodem gebou word nie.

(OPMERKING.—Die aandag word gevestig op regulasie 88 ingevolge waarvan 'n skip van die vereistes van hierdie paragraaf vrygestel mag word.)

(5) Niks in hierdie regulasie vereis dat 'n dubbele bodem aangebring moet word op die plek waar daar waterdigte afdelings is wat uitsluitlik vir die vervoer van vloeistowwe gebruik word nie, indien die veiligheid van die skip nie verminder word nie in die geval van bodem- of boordskade weens die afwesigheid van 'n dubbele bodem in daardie plek.

(OPMERKING.—Die aandag word gevestig op regulasie 89 ingevolge waarvan sekere skepe van die vereistes vir dubbele bodems vrygestel mag word.)

10. STABILITEIT IN BESKADIGDE TOESTAND.

(1) Elke Hoofstuk II-skip moet so gebou wees dat daar vir die intakte skip in alle diensomstandighede voorsiening gemaak word vir voldoende stabiliteit sodat die skip die finale oorstroming van enige van die hoofafdelings waarin die skip ooreenkomstig die bepalings van regulasie 7 ingedeel is, sal kan weerstaan. Indien twee van die hoofafdelings wat aanmekaar grens, deur 'n beskot met 'n verspringing geskei word, moet die stabiliteit van die intakte skip sodanig wees dat dit die finale oorstroming van daardie afdelings kan weerstaan. Indien die skip se indelingsfaktor 0·5 of minder is, moet die stabiliteit van die intakte skip sodanig wees dat dit die finale oorstroming van enige twee van die hoofafdelings wat aanmekaar grens kan weerstaan.

(2) Vir die toepassing van hierdie regulasie moet die voldoendheid van die stabiliteit van die intakte skip ooreenkomstig die bepalings van die Tweede Bylae bepaal word.

(3) (*a*) Elke Hoofstuk II-skip moet so gebou wees dat dit onsimmetriese oorstroming wanneer die skip in 'n beskadigde toestand is, beperk tot 'n minimum wat bestaanbaar is met doeltreffende inrigtings. Indien dwars-

9. DOUBLE BOTTOMS.

(1) Subject to the provisions of this regulation, every ship of Classes I, II and IIA shall be fitted with a watertight double bottom which shall be at least of the following extent:—

(*a*) In ships of 200 feet and over but under 249 feet in length: From the machinery space to the collision bulkhead or as near to that bulkhead as is practicable;

(*b*) in ships of 249 feet and over but under 330 feet in length: From the collision bulkhead to the afterpeak bulkhead or as near to those bulkheads as is practicable, but not necessarily in the machinery space;

(*c*) in ships of 330 feet and over in length: From the collision bulkhead to the afterpeak bulkhead or as near to those bulkheads as is practicable.

(2) When a double bottom is required by this regulation to be fitted in a ship, the inner bottom shall be continued out to the ship's sides in such a manner as to protect the bottom to the turn of the bilge. The inner bottom shall be deemed to be adequate for this purpose if the line of intersection of the outer edge of the margin plate with the bilge plating is not lower at any point than a horizontal plane passing through the point of intersection with the frame line amidships of a transverse diagonal line inclined at 25 degrees to the base line and cutting it at a point one-half of the ship's moulded breadth from the middle line.

(3) Wells constructed in the double bottom for the purpose of drainage shall not be larger or extend downwards more than is necessary for such purpose, and shall not be less than 18 inches from the outer bottom or from the inner edge of the margin plate: Provided that a well extending to the outer bottom may be constructed at the after end of a shaft tunnel.

(4) Wells for purposes other than drainage shall not be constructed in the double bottom.

(NOTE.—Attention is invited to regulation 88 in terms of which a ship may be exempted from the requirements of this paragraph.)

(5) Nothing in this regulation shall require a double bottom to be fitted in way of watertight compartments used exclusively for the carriage of liquids, if the safety of the ship will not be impaired in the event of bottom or side damage by reason of the absence of a double bottom in that position.

(NOTE.—Attention is invited to regulation 89 in terms of which certain ships may be exempted from the requirements of a double bottom.)

10. STABILITY IN DAMAGED CONDITION.

(1) Every Chapter II ship shall be so constructed as to provide sufficient intact stability in all service conditions to enable the ship to withstand the final flooding of any one of the main compartments into which the ship is subdivided in accordance with the provisions of regulation 7. If two of the main compartments, being adjacent to each other, are separated by a bulkhead which is stepped, the intact stability shall be adequate to withstand the final flooding of those compartments. If the ship's factor of subdivision is 0·5 or less, the intact stability shall be adequate to withstand the final flooding of any two of the main compartments which are adjacent to each other.

(2) For the purposes of this regulation, the sufficiency of the intact stability of a ship shall be determined in accordance with the provisions of the Second Schedule.

(3) (*a*) Every Chapter II ship shall be so constructed as to keep unsymmetrical flooding when the ship is in a damaged condition at the minimum consistent with efficient arrangements. If cross-flooding fittings are pro-

skeepse oorvloeiingsinrigtings aangebring is, moet die inrigtings en die maksimum helling van die skip voor herstel van die ewewig, sodanig wees dat dit nie die skip se veiligheid in gevaar stel nie.

(*b*) Indien die indompelingsgrenslyn onder water mag raak gedurende die oorstroming wat veronderstel is vir die berekening waarna in die Tweede Bylae verwys word, moet die konstruksie van die skip sodanig wees dat dit die gesagvoerder van die skip in staat sal stel om te verseker dat—

(i) die maksimum hellingshoek nie gedurende enige stadium van sodanige oorstroming sulks sal wees dat dit die veiligheid van die skip in gevaar stel nie; en

(ii) die indompelingsgrenslyn nie gedurende die finale stadium van oorstroming onder die water sal wees nie.

(4) (*a*) Daar moet in elke Hoofstuk II-skip 'n dokument verskaf word vir die gebruik van die gesagvoerder van die skip waarin inligting betreffende die gebruik van enige dwarsskeepse oorvloeiingsinrigtings wat in die skip aangebring is, verstrek word.

(*b*) In elke skip van Klasse I, II en IIA moet 'n dokument vir die gebruik van die gesagvoerder van die skip verskaf word, wat die volgende bykomende inligting bevat:—

(i) Die nodige inligting vir die handhawing van voldoende stabiliteit van die intakte skip onder dienstoestande ten einde te verseker dat die skip skade tot die omvang waarna in die Tweede Bylae verwys word, kan weerstaan; en

(ii) inligting betreffende die stabiliteitsvoorwaardes waarop die berekenings van die helling gebaseer is, tesame met die inligting dat indien die skip beskadig sou word wanneer dit in 'n minder gunstige toestand is, daar 'n oormatige helling mag intree.

11. KONSTRUKSIE VAN WATERDIGTE BESKOTTE, ENS.

(1) In elke Hoofstuk II-skip moet elke gedeelte van die skip wat volgens die vereistes van hierdie Deel waterdig moet wees, ooreenkomstig sodanige vereistes van die Derde Bylae as wat daarop van toepassing is, gebou word.

(2) In elke Hoofstuk II-skip moet die ontwerp en konstruksie van alle tenks, wat deel van die bou van die skip vorm en vir die opberging van oliebrandstof of ander vloeistowwe gebruik word, met inbegrip van dubbele bodems, piektenks, besinktenks en bunkers, toereikend wees vir daardie doel.

12. OPENINGS IN WATERDIGTE BESKOTTE, ENS.

(1) In elke skip van Klasse I, II en IIA—

(*a*) moet die getal openings in beskotte en ander bouwerke wat volgens die vereistes van hierdie Deel waterdig moet wees, die minimum wees wat bestaanbaar is met die ontwerp en behoorlike gebruik van die skip;

(*b*) moet kokers wat in verband met ventilasie-, kunsmatige trek- of verkoelingstelsels aangebring word, sover as wat dit prakties toepasbaar is, nie deur sulke beskotte of bouwerke loop nie;

(*c*) moet elke tonnel bokant die dubbele bodem, indien enige, hetsy vir toegang vanaf die bemanningsruim na die masjinerieruim, vir pypleiding of vir enige ander doel, wat deur so 'n beskot loop, waterdig wees. Die toegang tot minstens een ent van sodanige tonnel moet, indien dit ter see as 'n deurgang gebruik word, deur 'n verkeersgang wees wat waterdig is tot op 'n hoogte wat voldoende is om toegang bo die indompelingsgrenslyn te verleen. Die toegang tot die ander ent van die tonnel moet deur 'n waterdigte deur wees. Geen tonnel mag deur die eerste indelingsbeskot agter die aanvaringsbeskot loop nie;

(*d*) mag nie meer as een ingang (behalwe 'n bunker- of 'n tonnelingang) deur sodanige beskot in die masjinerieruim loop nie. Indien 'n ingang deur enige so 'n beskot loop, moet die ingang so geplaas wees dat die drempel so hoog as moontlik in die skip is;

vided, the fittings and the maximum heel of the ship before equalisation shall be such as will not endanger her safety.

(*b*) If the margin line may become submerged during the flooding assumed for the purposes of the calculation referred to in the Second Schedule, the construction of the ship shall be such as will enable the master of the ship to ensure—

(i) that the maximum angle of heel during any stage of such flooding will not be such as will endanger the safety of the ship; and

(ii) that the margin line will not be submerged in the final stage of flooding.

(4) (*a*) There shall be provided in every Chapter II ship a document for the use of the master of the ship containing information as to the use of any cross-flooding fittings provided in the ship.

(*b*) There shall be provided in every ship of Classes I, II and IIA a document for the use of the master of the ship containing the following additional information:—

(i) information necessary for the maintenance of sufficient intact stability under service conditions to enable the ship to withstand damage to the extent referred to in the Second Schedule; and

(ii) information as to the conditions of stability on which the calculations of heel have been based, together with the information that excessive heeling might result should the ship sustain damage when in a less favourable condition.

11. CONSTRUCTION OF WATERTIGHT BULKHEADS, ETC.

(1) In every Chapter II ship, every portion of the ship required by this Part to be watertight, shall be constructed in accordance with such of the requirements of the Third Schedule as apply to it.

(2) In every Chapter II ship, all tanks forming part of the structure of the ship and used for the storage of oil fuel or other liquids including double bottoms, peak tanks, settling tanks and bunkers, shall be of a design and construction adequate for that purpose.

12. OPENINGS IN WATERTIGHT BULKHEADS, ETC.

(1) In every ship of Classes I, II and IIA:—

(*a*) The number of openings in bulkheads and other structures required by this Part to be watertight, shall be the minimum compatible with the design and proper working of the ship.

(*b*) Trunks installed in connection with ventilation, forced draught or refrigeration systems shall, so far as practicable, not pierce such bulkheads or structures.

(*c*) Every tunnel above the double bottom, if any, whether for access from the crew space to the machinery space, for piping or for any other purposes, which passes through such a bulkhead, shall be watertight. The means of access to at least one end of such tunnel, if it may be used as a passage at sea, shall be through a trunkway extending watertight to a height sufficient to permit access above the margin line. The means of access to the other end of the tunnel shall be through a watertight door. No tunnel shall extend through the first subdivision bulkhead abaft the collision bulkhead.

(*d*) Not more than one doorway (other than a bunker or tunnel doorway) shall pierce such a bulkhead in the machinery space. If any such bulkhead is pierced by a doorway, the doorway shall be placed so as to have the sill as high as possible in the ship.

(*e*) moet ingange, mangate en toegangsopenings nie in die aanvaringsbeskot onderkant die indompelingsgrenslyn van die skip of in enige ander beskot wat volgens die vereistes van hierdie Deel waterdig moet wees en wat 'n vragruim van 'n ander vragruim of van 'n blywende of reserwebunker skei, aangebring word nie. Met dien verstande dat die Minister (of die Sekretaris in die geval van 'n skip wat nie bedoel is om op internasionale reise gebruik te word nie) mag toelaat dat ingange in beskotte wat twee tussendekse vragruime skei, in enige skip aangebring mag word, indien hy tevrede is dat—

(i) die ingange noodsaaklik is vir die behoorlike werking van die skip;

(ii) die getal sulke ingange in die skip die minimum is wat met die ontwerp en behoorlike gebruik van die skip bestaanbaar is, en dat hulle op die hoogste prakties uitvoerbare vlak aangebring is; en

(iii) die buiteboordse vertikale kante van sulke ingange geleë is op 'n afstand van die huidbeplating wat nie minder is nie as een-vyfde van die breedte van die skip, wanneer daardie afstand reghoekig gemeet is met die middellyn van die skip op die hoogte van die diepste indelingslaswaterlyn.

(2) In elke skip van Klasse I, II en IIA moet openings wat slegs gesluit kan word deur middel van verplaasbare plate wat vasgebout word, nie deur beskotte buite die masjinerieruim loop wat volgens die vereistes van hierdie Deel waterdig moet wees nie.

(3) In elke Hoofstuk II-skip van Klas VI moet ingange, ventileringskokers of ander soortgelyke openings nie deur beskotte loop wat volgens die vereistes van hierdie Deel waterdig moet wees nie.

(4) In elke Hoofstuk II-skip—

(*a*) (i) moet kleppe of krane wat nie 'n deel van 'n pypstelsel is nie, nie in enige beskot aangebring word wat volgens die vereistes van hierdie Deel waterdig moet wees nie;

(ii) indien pype, spuigate, elektriese kabels of ander soortgelyke toerusting deur enige so 'n beskot loop, moet voorsiening gemaak word om te verseker dat die waterdigtheid van die beskot nie daardeur verminder word nie;

(*b*) moet die aanvaringsbeskot van die skip onder die indompelingsgrenslyn nie deur meer as een pyp deurdring word nie: Met die voorbehoud dat indien die voorpiek van die skip verdeel is om twee verskillende vloeistowwe te hou, die aanvaringsbeskot onderkant die indompelingsgrenslyn nie deur meer as twee pype deurdring mag word nie. Enige pyp wat die aanvaringsbeskot van die skip deurdring, moet toegerus wees van 'n neerskroefbare afsluitklep wat van bo die beskotdek gehanteer kan word, terwyl die klepkas in die voorpiek teen die aanvaringsbeskot bevestig moet wees.

13. MIDDELS VIR DIE AFSLUITING VAN OPENINGS IN WATERDIGTE BESKOTTE, ENS.

(1) In elke skip van Klasse I, II en IIA moet toereikende middels verskaf word om alle openings in beskotte en ander bouwerke te sluit en waterdig te maak wat volgens die vereistes van hierdie Deel waterdig moet wees.

(*d*) 'n oop skip met 'n lengte van meer as 40 voet maar hoogstens 60 voet, met 'n handpomp en daarbenewens twee uithosers of een uithoser en een emmer;

(*e*) 'n oop skip met 'n lengte van hoogstens 40 voet en wat verder as 5 myl vanaf die vertrekpunt van die reis vaar, met 'n handpomp en daarbenewens twee uithosers of een uithoser en een emmer;

(*f*) 'n oop skip met 'n lengte van hoogstens 40 voet en wat nie reise verder as 5 myl vanaf die vertrekpunt onderneem nie, met twee uithosers of een uithoser en een emmer.

(2) In every ship of Class IIA of less than 300 feet but not less than 250 feet in length provided with two hand pumps of the crank type in accordance with paragraph (1), in every such ship of 300 feet in length or over and in every ship of under 300 feet in length where the hand pump or pumps are replaced by an independent power pump, paragraph (2) of regulation 25 shall apply to the pumping arrangements as it applies to the pumping arrangements in ships of Classes I and II.

27. NUMBER AND TYPE OF BILGE PUMPS, ETC.: SHIPS OF CLASS VI.

Every ship of Class VI shall be provided with bilge pumps and means for bailing as follows:—

(*a*) A ship exceeding 60 feet in length, with a power pump, which may be worked by the main engine, and, in addition, with a hand pump other than a hand pump of the lever type;

(*b*) a decked ship not exceeding 60 feet in length, with a hand pump other than a hand pump of the lever type;

(*c*) a partially decked ship not exceeding 60 feet in length, with a hand pump, and, in addition, with two bailers or one bailer and one bucket;

(*d*) an open ship exceeding 40 feet in length but not exceeding 60 feet in length, with a hand pump, and, in addition, with two bailers or one bailer and one bucket;

(*e*) an open ship not exceeding 40 feet in length, and proceeding beyond 5 miles from the starting point of her voyage, with a hand pump, and, in addition, with two bailers or one bailer and one bucket;

(*f*) an open ship not exceeding 40 feet in length, and not proceeding on voyages more than 5 miles from the starting point, with two bailers or one bailer and one bucket.

28. VEREISTES VIR LENSPOMPE EN LENSSUIGINGS.

(1) Kraglenspompe wat in enige skip aangebring word moet, wanneer dit prakties uitvoerbaar is, in afsonderlike waterdigte afdelings geplaas word wat so ingerig of geleë is dat hulle nie maklik as gevolg van dieselfde skade sal volloop nie, en indien die enjins en stoomketels in twee of meer waterdigte afdelings geplaas is, moet die lenspompe wat daar beskikbaar is sover moontlik oor hierdie afdelings verdeel word.

(2) Elke lenspomp wat in die skip voorsien word ooreenkomstig hierdie Deel, moet self-laaiend wees tensy doeltreffende laaimiddels voorsien word. Elke sodanige pomp, behalwe 'n handpomp van die hefboomtipe en 'n pomp wat slegs vir piekafdelings voorsien word, moet hetsy dit met die hand of meganies beweeg word, so ingerig wees om water uit enige ruim of enige deel van die masjinerieruim in die skip te pomp.

(3) Elke onafhanklike kraglenspomp in die skip moet in staat wees om water teen 'n snelheid van nie minder as 400 voet per minuut nie deur die hooflenspyp te pomp. Elke sodanige pomp moet van 'n regstreekse suiging voorsien word van die ruimte waarin dit geleë is. Met die voorbehoud dat daar nie meer as twee regstreekse suigings in een ruim vereis word nie. Elke sodanige suiging moet 'n deursnee hê wat nie kleiner is as dié van die skip se hooflenspyp nie. Die regstreekse suigings in die masjinerieruim van die skip moet so ingerig wees dat water vanaf elke kant van die ruim deur regstreekse suigings na onafhanklike lenspompe gepomp kan word.

(4) Daar moet in die stookruim van elke skip wat steenkool as brandstof gebruik 'n buigbare suigslang met voldoende lengte aangebring word wat in staat is om vanaf 'n inrigting aan 'n onafhanklike kraglenspomp in die skip tot by elke kant van die stookruimkimme te strek. Hierdie suigslang is behalwe die ander lenssuigings wat by hierdie regulasie vereis word, en moet 'n interne deursnee hê van vier duim, of halfduim groter as dié van die grootste taklenssuiging wat by regulasie 30 vereis word, watter ookal die minste is.

(5) Enige hoofenjinsirkulasiepompe in die skip moet aangebring word met regstreekse suigverbindings, voorsien van terugslagkleppe, tot by die laagste dreineringsvlak in die skip se masjinerieruim, of so na daaraan as wat die Minister (of die Sekretaris in die geval van 'n skip wat nie bedoel is vir gebruik op internasionale reise nie) in die geval van daardie skip tevrede stel. Sulke verbindings moet 'n deursnee hê van ten minste twee-derdes van dié van die skip se hoofsirkulasie-inlaat, en die oop ent daarvan of die sif, as daar een is, wat daaraan verbind is, moet toeganklik wees vir skoonmaakdoeleindes. Indien steenkool as stoomketelbrandstof gebruik kan word en daar nie 'n waterdigte beskot tussen die enjins en die stoomketels is nie, moet 'n regstreekse uitlaat na buiteboord vanaf minstens een van voornoemde pompe aangebring word, tensy 'n regstreekse aansluiting op die sirkulasie-uitlaatleiding daarvan aangebring word. Die stange van die skip se hoofsirkulasie-inlaat en van die regstreekse suigkleppe moet redelik bo die platform van die enjinkamer uitsteek.

(6) Die handlenspompe in die skip moet vanaf bo die skip se beskotdek, as daar een is, gereël kan word, en moet so ingerig wees dat die pompsuierklep en die stertklep vir ondersoek en nasien uitgehaal kan word in die geval van oorstroming. Indien twee handpompe van die kruktipe in die skip aangebring is, moet 'n afsluitklep of -kraan wat van bo die skip se beskotdek gereël word of terugslagkleppe voorsien word sodat enigeen van beide sulke pompe oopgemaak kan word sonder om die doeltreffendheid van die ander een te beïnvloed.

29. INRIGTING VAN LENSPYPE.

(1) In elke skip moet alle pype vanaf die pompe wat vir die dreinering van vragruime of enige deel van die masjinerieruim nodig is, afsonderlik wees van dié pype wat gebruik kan word om ruimtes waarin water of olie vervoer word, te vul of leeg te maak.

28. REQUIREMENTS FOR BILGE PUMPS AND BILGE SUCTIONS.

(1) Power bilge pumps fitted in any ship, shall where practicable be placed in separate watertight compartments so arranged or situated as not to be readily flooded by the same damage, and if the ship's engines and boilers are in two or more watertight compartments the bilge pumps there available shall be distributed through such compartments as far as possible.

(2) Every bilge pump provided in the ship in compliance with this Part shall be self-priming unless efficient means of priming are provided. Every such pump, other than a hand pump of the lever type and a pump provided for peak compartments only, shall, whether operated by hand or by power, be so arranged as to be capable of drawing water from any hold or any part of the machinery space in the ship.

(3) Every independent power bilge pump in the ship shall be capable of giving a speed of water through the ship's main bilge pipe of not less than 400 feet per minute. Every such pump shall have a direct suction from the space in which it is situated. Provided that not more than two direct suctions shall be required in any one space. Every such suction shall be of a diameter not less than that of the ship's main bilge pipe. The direct suctions in the ship's machinery space shall be so arranged that water may be pumped from each side of the space through direct suctions to independent bilge pumps.

(4) There shall be provided in the stokehold of every ship, being a coal burning ship, a flexible suction hose of sufficient length to reach from a fitting on an independent power bilge pump in the ship to each side of the stokehold bilges. The hose shall be in addition to the other bilge suctions required by this regulation, and shall have an internal diameter of 4 inches, or $\frac{1}{2}$ inch larger than that of the largest branch bilge suction required by regulation 30, whichever is the less.

(5) Any main engine circulating pumps in the ship shall be fitted with direct suction connections, provided with non-return valves, to the lowest drainage level in the ship's machinery space, or as near thereto as will satisfy the Minister (or Secretary in the case of a ship which is not intended to be engaged in international voyages) in the case of that ship. Such connections shall be of a diameter at least two-thirds of that of the ship's main sea inlet, and the open end thereof or the strainer, if any, attached thereto shall be accessible for clearing. If the boiler fuel may be coal and there is no watertight bulkhead between the ship's engines and boilers, a direct discharge overboard shall be fitted from at least one of the aforesaid pumps unless a by-pass is fitted to the circulating discharge thereof. The spindles of the ship's main sea inlet and of the direct suction valves shall extend well above the engine room platform.

(6) The hand bilge pumps in the ship shall be workable from above the ship's bulkhead deck, if any, and shall be so arranged that the bucket and tail valve can be withdrawn for examination and overhaul under flooding conditions. If two hand pumps of the crank type are fitted in the ship, a shut-off valve or cock operated from above the ship's bulkhead deck or non-return valves shall be provided to enable either of such pumps to be opened up without affecting the efficiency of the other.

29. ARRANGEMENT OF BILGE PIPES.

(1) In every ship, all pipes from the pumps for draining cargo spaces or any part of the machinery space shall be distinct from pipes which may be used for filling or emptying spaces in which water or oil is carried.

(2) Loodpype mag nie in verband met lenspompe in enige skip in of onder steenkoolbunkers, oliebrandstoftenks of in enige afdeling waarin oliebesinktenks of oliepompeenhede geleë is nie, aangebring word nie.

(3) Lenssuigpompe in enige skip mag nie deur olietenks gevoer word tensy die pype in 'n oliedigte verkeersgang ingesluit is nie. Sulke pype mag nie deur dubbelbodemtenks gevoer word nie.

(4) Sulke pype moet met flensverbindings gemaak word en deeglik in posisie bevestig word en waar nodig teen die gevaar van beskadiging beskerm word. Doeltreffende uitsettingslasse of -krommings moet in elke pypleiding voorsien word, en waar 'n verbinding by 'n beskotdek of elders met 'n loodkromming gemaak word, moet die straal van elke kromming en die afstand tussen die asse van die reguit gedeeltes van die pype nie minder as drie keer die deursnee van die pyp wees nie en die lengte van enige kromming mag nie minder as agt keer daardie deursnee wees nie.

30. DEURSNEE VAN LENSSUIGPYPE.

(1) Onderworpe aan die bepalings van paragrawe (2) en (3) moet die binneste deursnee van hoof- en taklenssuigpype in elke skip van Klasse I, II en IIA, en elke skip van Klas VI wat by regulasie 27 vereis word om van 'n pomp voorsien te wees, tot die naaste kwart duim bepaal word volgens die volgende formules:—

$$d_m = \sqrt{\frac{L\,(B + D)}{2,500}} + 1$$

$$d_b = \sqrt{\frac{l\,(B + D)}{1,500}} + 1$$

waar d_m = binneste deursnee van die hooflenssuigpype in duime.
d_b = binneste deursnee van die taklenssuigpype in duime.
L = lengte van die skip in voet.
B = breedte van die skip in voet.
D = holte ooreenkomstig die mal van die skip gemeet op die beskotdek, in voet.
l = lengte van kompartement in voet.

(2) Geen hooflenssuigpyp in enige skip van Klasse I, II en IIA mag 'n binnedeursnee van minder 2½ duim hê nie, en die binnedeursnee van geen taksuigpyp mag minder as twee duim wees of hoef meer as vier duim te wees nie.

(3) Geen lenssuigpyp in enige skip van Klas VI, wat by regulasie 27 vereis word om van 'n pomp voorsien te wees, mag 'n binnedeursnee van minder as 1¼ duim hê nie.

31. VOORSORGMAATREËLS TEEN OORSTROMING DEUR LENSPYPE.

(1) Die lens- en ballaspompstelsels in elke Hoofstuk II-skip moet so ingerig wees dat dit sal verhoed dat water vanaf die see of vanaf waterballasruime die skip se vragruime of enige deel van die masjinerieruim sal binnekom of uit een waterdigte afdeling in die skip na 'n ander sal stroom. Die lensverbinding met enige pomp wat suiging van die see of waterballasruime bewerkstellig moet gemaak word òf deur middel van 'n terugslagklep òf 'n kraan wat nie terselfdertyd na die kimme en na die see of na die kimme en die waterballasruime geopen kan word nie. Kleppe in lensverdeelkaste moet van die terugslag-tipe wees. 'n Inrigting van sluitkleppe of blinde flense moet voorsien word om te verhoed dat enige dieptenk in so 'n skip deur onagsaamheid met seewater volloop wanneer dit vrag bevat of deur 'n lenspyp leeggepomp word wanneer dit waterballas bevat, en instruksies vir die bediening van sodanige inrigting moet digby in 'n opvallende plek vertoon word.

(2) Daar moet in elke Hoofstuk II-skip voorsiening gemaak word om te verhoed dat enige waterdigte afdeling wat deur 'n lenssuigpyp bedien word, sal volloop in die geval van die breek of andersins beskadiging van die pyp in 'n ander afdeling as gevolg van 'n botsing of wanneer die skip grond raak. Wanneer enige deel van so 'n pyp nader aan die skeepsboord geleë is as een-vyfde van die midskeepse breedte van die skip gemeet by die hoogte van die diepste indelingslaswaterlyn, of wanneer dit in 'n kokerkiel geleë is, moet 'n terugslagklep aan die pyp aangebring word in die waterdigte afdeling wat die oop ent van die pyp bevat.

(2) Lead pipes shall not be fitted in connection with bilge pumps in any ship in or under coal bunkers, oil fuel storage tanks or in any compartment in which oil settling tanks or oil fuel pumping units are situated.

(3) Bilge suction pipes in any ship shall not be led through oil tanks unless the pipes are enclosed in an oil-tight trunkway. Such pipes shall not be led through double bottom tanks.

(4) Such pipes shall be made with flanged joints and shall be thoroughly secured in position and protected where necessary against the risk of damage. Efficient expansion joints or bends shall be provided in each line of pipe, and where a connection is made at a bulkhead or elsewhere with a lead bend, the radius of each bend and the distance between the axes of the straight parts of the pipes shall be not less than three times the diameter of the pipe and the length of any bend shall be not less than eight times that diameter.

30. DIAMETER OF BILGE SUCTION PIPES.

(1) Subject to the provisions of paragraphs (2) and (3), in every ship of Classes I, II and IIA, and in every ship of Class VI, which is required by regulation 27 to be provided with a pump, the internal diameter of main and branch bilge suction pipes shall be determined to the nearest ¼ inch calculated according to the following formulae:—

$$d_m = \sqrt{\frac{L\,(B + D)}{2,500}} + 1$$

$$d_b = \sqrt{\frac{l\,(B + D)}{1,500}} + 1$$

where d_m = internal diameter of the main bilge suction pipes in inches.
d_b = internal diameter of the branch bilge suction pipes in inches.
L = length of ship in feet.
B = breadth of ship in feet.
D = moulded depth of ship at bulkhead deck in feet.
l = length of compartment in feet.

(2) No main bilge suction pipe in any ship of Classes I, II and IIA shall be less than 2½ inches in bore, and no branch suction pipe shall be less than 2 inches, or need be more than 4 inches, in bore.

(3) No bilge suction pipe in any ship of Class VI, which is required by regulation 27 to be provided with a pump, shall be less than 1¼ inches in bore.

31. PRECAUTIONS AGAINST FLOODING THROUGH BILGE PIPES.

(1) The bilge and ballast pumping systems in every Chapter II ship shall be so arranged as to prevent water passing from the sea or from water ballast spaces into the ship's cargo spaces or into any part of the machinery space or from one watertight compartment in the ship to another. The bilge connection to any pump which effects suction from the sea or from water ballast spaces shall be made by means of either a non-return valve or a cock which cannot be opened at the same time to the bilges and to the sea or to the bilges and the water ballast spaces. Valves in bilge distribution boxes shall be of a non-return type. An arrangement of lock-up valves or of blank flanges shall be provided to prevent any deep tank in such a ship being inadvertently run up from the sea when it contains cargo or pumped out through a bilge pipe when it contains water ballast, and instructions for the working of such arrangement shall be conspicuously displayed nearby.

(2) Provision shall be made in every Chapter II ship to prevent the flooding of any watertight compartment served by a bilge suction pipe in the event of the pipe being severed or otherwise damaged, by collision or grounding, in any other watertight compartment. Where any part of such a pipe is situated nearer to the side of the ship than one-fifth of the mid-ship breadth of the ship measured at the level of the deepest subdivision load water line, or in any duct keel, a non-return valve shall be fitted to the pipe in the watertight compartment containing the open end of the pipe.

32. LENSKLEPPE, -KRANE, ENS.

(1) Alle verdeelkaste, kleppe en krane in elke Hoofstuk II-skip wat in verband met die lenspompinrigtings aangebring word, moet op plekke wees wat te alle tye onder gewone omstandighede toeganklik is en hulle moet so ingerig wees dat in die geval van oorstroming een van die lenspompe op enige waterdigte afdeling in die skip kan werk. Indien daar in enige so 'n skip slegs een pypleidingsstelsel deur al die pompe bedien word, moet die nodige kleppe of krane vir die beheer van die lenssuigings van bo die beskotdek van die skip gereël kan word. Indien daar benewens die hooflenspompinrigting 'n noodlenspopmpinrigting aangebring is, moet dit onafhanklik wees van die hoofstelsel en so ingerig wees dat in geval van oorstroming 'n pomp op enige waterdigte afdeling kan werk: Met die voorbehoud dat in enige skip van Klas IIA met 'n lengte van minder as 100 voet wat van 'n handpomp van die hefboomtipe vir elke waterdigte afdeling voorsien is ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (1) van regulasie 26, die kleppe en krane in die hooflensleiding vir die beheer van die suigleidings nie van die skip se beskotdek gereël hoef te word indien hulle in dieselfde afdeling as 'n kragpomp is nie.

(2) In elke Hoofstuk II-skip moet elke bedieningstang vir lenssuigingskleppe of -krane so regstreeks moontlik gelei word en 'n indeksplaat hê by die posisie bo die beskotdek waarvandaan dit bedien word, wat die doel van die klep of kraan en die manier waarop dit oop- en toegemaak kan word, aandui. Elke sodanige stang wat deur vrag- of bunkerruime gevoer word, moet teen beskadiging beskerm word.

33. LENSSLYTKASTE EN -SUIGKORWE.

Lenssuigings in die masjinerieruim van elke skip moet gelei word van maklik toeganklike slytkaste wat, waar prakties uitvoerbaar, bo die vlak van die werkvloer van sodanige ruimte geplaas is. Die kaste moet reguit suigpype na die kimme hê en die deksels moet op so 'n wyse bevestig word dat hulle maklik oop- en toegemaak kan word. Die suigente in die skeepsruime en tonnelputte moet in suigkorwe, met perforasies met 'n deursnee van ongeveer $\frac{3}{8}$ duim, omslote wees, en die gesamentlike oppervlakte van sodanige perforasies mag nie minder as tweemaal dié van die end van die suigpyp wees nie. Suigkorwe moet so gebou wees dat hulle skoongemaak kan word sonder om enige las van die suigpyp te breek.

34. PYLKOKERS.

In elke Hoofstuk II-skip moet alle tenks wat 'n deel vorm van die bou van die skip en alle waterdigte afdelings, wat nie 'n deel van die masjinerieruim vorm nie, voorsien word van doeltreffende peilingsinrigtings wat, waar nodig, teen beskadiging beskerm moet word. Waar sodanige inrigtings uit pylkokers bestaan, moet 'n dik staalverdubbelingsplaat stewig onder elke pylkoker bevestig word sodat die peilingstong daarop kan staan. Alle sodanige pylkokers moet strek tot by posisies bokant die skip se beskotdek wat te alle tye maklik toeganklik moet wees. Pylkokers vir kimme, kofferdamme en dubbelbodemtenks, wat kimme, kofferdamme en tenks is wat in die masjinerieruim geleë is, moet so ver strek tensy die boonste ente van die pype onder gewone omstandighede toeganklik is en toegerus is met krane met parallelle proppe met permanentgevestigde handvatsels wat so gelaai is dat hulle die krane outomaties sluit sodra hulle losgelaat word. Pylkokers vir die kimme van geïsoleerde ruime moet geïsoleer wees en 'n deursnee hê van nie minder as $2\frac{1}{2}$ duim nie.

HOOFSTUK IV.—ELEKTRIESE UITRUSTING EN INSTALLASIES.

35. TOEPASSING VAN HOOFSTUK IV.

Hierdie hoofstuk is op elke skip van toepassing.

36. ALGEMEEN.

(1) In elke skip moet die elektriese uitrusting en installasies, behalwe die elektriese aandrywingsmiddels, as daar is, sodanig wees dat die elektriese bediende dienste wat noodsaaklik is vir die veiligheid van die skip en van persone aan boord onder noodtoestande in stand gehou kan word.

32. BILGE VALVES, COCKS, ETC.

(1) In every Chapter II ship, all distribution boxes, valves and cocks fitted in connection with the bilge pumping arrangements shall be in positions which are accessible at all times in ordinary circumstances and shall be so arranged that in the event of flooding one of the bilge pumps may operate on any watertight compartment in the ship. If in any such ship there is only one system of pipes common to all such pumps, the necessary valves or cocks for controlling the bilge suctions shall be capable of being operated from above the ship's bulkhead deck. If an emergency bilge pumping system is provided in addition to the main bilge pumping system, it shall be independent of the main system and shall be so arranged that a pump is capable of being operated under flooding conditions on any watertight compartment: Provided that in any ship of Class IIA of under 100 feet in length provided with a hand pump of the lever type for each watertight compartment in accordance with the provisions of paragraph (1) of regulation 26, the valves and cocks on the bilge main for controlling the bilge suctions need not be workable from above the ship's bulkhead deck if they are in the same compartment as a power pump.

(2) In every Chapter II ship, every operating rod for bilge suction valves or cocks shall be led as directly as possible and shall have an index plate at the position above the bulkhead deck from which it is operated showing the purpose served by the valve or cock and how it may be opened and closed. Every such rod passing through cargo or bunker spaces shall be protected against damage.

33. BILGE MUD BOXES AND STRUM BOXES.

Bilge suctions in the machinery space of every ship shall be led from readily accessible mud boxes placed wherever practicable above the level of the working floor of such space. The boxes shall have straight tailpipes to the bilges and covers secured in such a manner as will permit them to be readily opened and closed. The suction ends in hold spaces and tunnel wells shall be enclosed in strum boxes having perforations approximately $\frac{3}{8}$ inch in diameter, and the combined area of such perforations shall be not less than twice that of the end of the suction pipe. Strum boxes shall be so constructed that they can be cleared without breaking any joint of the suction pipe.

34. SOUNDING PIPES.

In every Chapter II ship, all tanks forming part of the structure of the ship and all watertight compartments, not being part of the machinery space, shall be provided with efficient sounding arrangements which shall be protected where necessary against damage. Where such arrangements consist of sounding pipes, a thick steel doubling plate shall be securely fixed below each sounding pipe for the sounding rod to strike upon. All such sounding pipes shall extend to positions above the ship's bulkhead deck which shall at all times be readily accessible. Sounding pipes for bilges, cofferdams and double bottom tanks, being bilges, coffer dams and tanks situated in the machinery space, shall so extend unless the upper ends of the pipes are accessible in ordinary circumstances and are furnished with cocks having parallel plugs with permanently secured handles so loaded that on being released they automatically close the cocks. Sounding pipes for the bilges of insulated holds shall be insulated and not less than $2\frac{1}{2}$ inches in diameter.

CHAPTER IV.—ELECTRICAL EQUIPMENT AND INSTALLATIONS.

35. APPLICATION OF CHAPTER IV.

This Chapter applies to every ship.

36. GENERAL.

(1) In every ship, the electrical equipment and installations, other than the electrical means of propulsion, if any, shall be such that the electrically operated services essential for the safety of the ship and of persons on board can be maintained under emergency conditions.

(2) Sonder benadeling van die bepalings van paragraaf (1) moet die elektriese uitrusting en installasies (met inbegrip van die elektriese aandrywingsmiddels) in elke skip sodanig wees dat die skip en alle persone aan boord teen gevare van elektrisiteit beskerm sal wees en in ooreenstemming sal wees met die toepaslike bepalings van die regulasies vir die „Electrical Equipment of Ships", gepubliseer deur die „Institution of Electrical Engineers of the United Kingdom", gedateer September, 1939, soos gewysig deur 'n aanhangsel gedateer November 1947, behalwe in soverre sodanige regulasies soos aldus gewysig, teenstrydig is met hierdie Deel.

37. HOOFOPWEKKINGSTOESTELLE: SKEPE VAN KLASSE I, II EN IIA.

Elke skip van Klasse I, II en IIA wat 'n skip is waarin elektriese krag die enigste krag is tot instandhouding van die hulpdienste wat noodsaaklik is vir die aandrywing en veiligheid van die skip, moet voorsien wees van minstens twee hoofopwekkingstoestelle waarvan die krag voldoende moet wees om bogenoemde dienste te bedien wanneer enigeen van die toestelle nie in gebruik is nie. Reëlings moet getref word wat sal verhoed dat sodanige toestelle onbruikbaar gemaak word indien die skip se masjinerieruim gedeeltelik sou volloop weens lekkasie van 'n beskadigde afdeling of andersins.

38. ELEKTRISITEITSNOODKRAGBRON: SKEPE VAN KLASSE I, II EN IIA.

(1) In elke skip van Klasse I, II en IIA moet daar in 'n posisie bo die beskotdek buitekant die masjienkaste 'n outonome elektrisiteitsnoodkragbron voorsien word wat in staat is om vir 'n tydperk van 36 uur gelyktydig te werk, of vir sodanige korter periode as wat die Minister (of Sekretaris in die geval van 'n skip wat nie bedoel is vir gebruik op internasionale reise nie) mag toelaat in die geval van enige skip wat gereeld op reise van kort duur gebruik word—

(*a*) die skip se noodlenspomp, indien dit elektries gewerk word;

(*b*) die skip se waterdigte deure, indien hulle elektries beweeg word;

(*c*) die skip se noodverligting by elke inskepingsplek op die dek en aan die buiteboorde, in alle deurgange, op trappe en by uitgange, by die masjinerieruim en in die beheerstasies waar radio-, hoofnavigasie- en sentrale brandopsporinguitrusting geleë is, en in die plek waar die noodontwikkelaar, as daar een is, geleë is;

(*d*) die skip se navigasieligte indien dit uitsluitlik met elektriese krag werk; en

(*e*) alle kommunikasietoerusting en -tekens wat in 'n noodgeval benodig mag word, indien hule elektries werk vanaf die skip se hoofopwekkingtoestel.

(2) Die elektrisiteitsnoodkragbron kan òf 'n opgaarbattery wees wat in staat is om aan paragraaf (1) te voldoen sonder dat dit weer gelaai moet word of dat daar 'n oormatige verlaging van die stoomspanning plaasvind, of 'n ontwikkelaar wat aangedryf word deur middel van 'n kompressie-ontstekingsenjin met 'n onafhanklike brandstofvoorraad en met doeltreffende aansitinrigtings. Die brandstof wat vir sodanige enjin verskaf word, moet 'n ontvlammingspunt van minstens 110° F. (43·3° C.) hê.

(3) Die elektrisiteitsnoodkragbron moet so ingerig wees dat dit doeltreffend sal funksioneer wanneer die skip 'n helling het van 22½° en wanneer die trim van die skip 10° afwyk van geyklastigheid.

(4) (*a*) Indien die skip se elektrisiteitsnoodkragbron 'n opgaarbattery is, moet die inrigtings sodanig wees dat die skip se noodverligtingstelsel outomaties in werking sal tree wanneer die hoofkragbron van die skip se hoofverligtingstelsel defek raak.

(*b*) Indien die elektrisiteitsnoodkragbron 'n ontwikkelaar is, moet 'n opgaarbattery voorsien word as 'n tydelike bron van elektriese krag, wat so ingerig is dat dit outo-

(2) Without prejudice to the provisions of paragraph (1), the electrical equipment and installations (including the electrical means of propulsion) in every ship shall be such that the ship and all persons on board are protected against electrical hazards and shall conform to the relevant provisions of the regulations for the Electrical Equipment of Ships issued by the Institution of Electrical Engineers of the United Kingdom and dated September, 1939, as amended by a supplement dated November, 1947, except in so far as such regulations as so amended are inconsistent with this Part.

37. MAIN GENERATING SETS: SHIPS OF CLASSES I, II AND IIA.

Every ship of Classes I, II and IIA, being a ship in which electrical power is the only power for maintaining the auxiliary services essential for the propulsion or safety of the ship, shall be provided with not less than two main generating sets the power of which shall be sufficient to operate the aforesaid services in the event of any one of the sets being out of service. Arrangements shall be made which will safeguard such sets from being rendered inoperative in the event of the partial flooding of the ship's machinery space through leakage from a damaged compartment or otherwise.

38. EMERGENCY SOURCE OF ELECTRICAL POWER: SHIPS OF CLASSES I, II AND IIA.

(1) In every ship of Classes I, II and IIA there shall be provided in a position above the bulkhead deck outside the machinery casings a self-contained emergency source of electrical power capable of operating simultaneously for a period of 36 hours, or for such shorter period as the Minister (or Secretary in the case of a ship which is not intended to be engaged in international voyages) may permit in the case of any ship regularly engaged on voyages of short duration—

(*a*) the ship's emergency bilge pump, if it is electrically operated;

(*b*) the ship's watertight doors, if they are electrically operated;

(*c*) the ship's emergency lights at every boat station on deck and overside, in all alleyways, stairways and exits, in the machinery space, in the control stations where radio, main navigating and central fire recording equipments are situated, and in the place where the emergency generator, if any, is situated;

(*d*) the ship's navigation lights, if operated solely by electric power; and

(*e*) all communication equipment and signals which may be required in an emergency, if they are electrically operated from the ship's main generating sets.

(2) The emergency source of electrical power may be either an accumulator battery capable of complying with paragraph (1) without being recharged or suffering an excessive voltage drop, or a generator driven by a compression ignition engine with an independent fuel supply and with efficient starting arrangements. The fuel provided for such engine shall have a flash point of not less than 110° F. (43·3° C.).

(3) The emergency source of electrical power shall be so arranged that it will operate efficiently when the ship is listed 22½° and when the trim of the ship is 10° from an even keel.

(4) (*a*) If the emergency source of electrical power is an accumulator battery, the arrangements shall be such that the ship's emergency lighting system will come into operation automatically in the event of the failure of the main source of power for the ship's main lighting system.

(*b*) If the emergency source of electrical power is a generator, an accumulator battery shall be provided as a temporary source of electrical power, so arranged as to

maties in werking sal tree wanneer die elektrisiteitshoof- of noodkragbron defek raak, en met 'n voldoende vermoë—

(i) om die skip se noodverligtingstelsel onafgebroke vir 'n halfuur te werk; en

(ii) terwyl sodanige verligtingstelsel in werking is, om die skip se waterdigte deure toe te maak indien hulle elektries beweeg word, maar nie noodwendig om al sodanige deure gelyktydig toe te maak nie.

(*c*) Middels moet verskaf word waarvolgens die outomatiese inrigtings waarna in hierdie paragraaf verwys word, getoets kan word.

39. STROOMVERDELINGSTELSELS.

(1) In elke skip moet elke skakelbord van die oop tipe so ingerig word dat dit van voor en van agter maklik toeganglik is sonder gevaar vir enige persoon wat in die uitvoering van sy pligte die skakelbord of sy verbindings ondersoek of herstel of die toestelle daarop werk. Die sye en agterkante van die skakelbord moet beskerm word deur 'n handreling, sifdraad, plaatgaar of ander ewe doeltreffende beskermingsmiddels en 'n nie-geleidende mat of traliewerk moet as 'n vloerbedekking voorsien word. Geen blootgestelde dele met 'n geaarde spanning van meer as 250 volt gelykstroom of 150 volt wisselstroom mag op 'n skakelbord of 'n reëlbord aangebring word nie.

(2) Terugleiding oor die romp mag nie in enige skip vir die krag-, warmte- en ligverspreidingstelsels daarvan gebruik word nie.

(3) Indien in enige skip twee of meer opwekkingstoestelle gelyktydig in werking mag wees vir die instandhouding van die hulpdienste wat noodsaaklik is vir die aandrywing of veiligheid van die skip, moet voorsiening gemaak word sodat die toestelle in parallel werk en middele moet voorsien word sodat in geval van 'n oorlaaiing of 'n gedeeltelike defek van die kragtoevoer, die dienste wat nie noodsaaklik vir die aandrywing en veiligheid van die skip is nie eerste afgesny sal word terwyl die dienste wat noodsaaklik is vir daardie doeleindes in die stroombaan behou word met sodanige van die ontwikkelaars wat in gebruik mag bly.

(4) In elke skip moet enige suurinrigtings wat elektries beweeg word, gevoed word deur twee stelle voedingskabels vanaf die skip se hoofskakelbord. Sulke stelle voedingskabels moet oor hul hele lengte sover as moontlik van mekaar gehou word. Elke voedingskabel moet in staat wees om al die motore wat gelyktydig in verband met die stuurinrigting mag werk, te voed. Sulke kabels en motore moet deur middel van sekerings, stoomverbrekers of ander soortgelyke toestelle teen kortsluitings beskerm word, maar moet nie so beskerm word teen kleiner ladings nie.

(5) Indien in enige skip die kragtoevoer vir 'n outomatiese sproeierstelsel, wat nie minder as twee kragbronne vir seewaterpompe, lugkompresser en outomatiese alarms vereis nie, elektries is, moet sodanige kragtoevoer deur die noodskakelbord opgeneem word deur 'n voedingskanaal wat uitsluitlik vir daardie doel gehou word. Daar mag geen skakelaar in die stroombaan wees behalwe dié by die skakelbord nie. Die skakelaar moet duidelik en blywend gemerk word om sy doel aan te dui en dat dit normaalweg gesluit gehou moet word.

(6) Die hoof en noodvoedingskabels in elke skip moet vertikaal en horisontaal sover as moontlik van mekaar gehou word.

40. ALGEMENE ELEKTRISITEITS-VOORSORGMAATREËLS.

(1) In elke skip moet alle blootgestelde metaaldele van elektrisiteits-uitrusting wat nie bedoel is om 'n stroomspanning groter as dié van die gronddraad te hê nie, maar wat so 'n stroomspanning kan hê as gevolg van 'n fout, geaard word, en al sulke uitrusting moet so gebou en aangebring word dat daar geen gevaar van besering sal wees vir iemand wat dit behoorlik hanteer nie. Die metaalrame van alle draagbare lampe en gereedskap en ander draagbare apparate wat in die skip voorsien word en van 'n elektrisiteits-toevoer van 'n stroomspanning van 100 volts of meer werk, moet deur middel van 'n geskikte geleier in die toevoerkabel geaard word.

come into operation automatically in the event of a failure of the main or emergency source of electrical power, and of sufficient capacity—

(i) to operate the ship's emergency lighting system continuously for half an hour; and

(ii) while such lighting system is in operation, to close the ship's watertight doors if they are electrically operated, but not necessarily to close all of such doors simultaneously.

(*c*) Means shall be provided by which the automatic arrangements referred to in this paragraph can be tested.

39. DISTRIBUTION SYSTEMS.

(1) In every ship, every open-type switchboard shall be arranged so as to allow ready access to the back and front thereof without danger to any person who in the course of his duties may inspect or repair the switchboard or its connections or operate the devices thereon. The sides and backs of the switchboard shall be guarded by a handrail, wire netting, expanded metal or other equally efficient means of protection and a non-conducting mat or grating shall be provided as a floor covering. No exposed parts which may have a voltage to earth exceeding 250 volts direct current or 150 volts alternating current shall be installed on the face of any switchboard or control panel.

(2) Hull return shall not be used in any ship for the power, heat and light distribution systems thereof.

(3) If, in any ship, two or more generating sets may be in operation at the same time for maintaining the auxiliary services essential for the propulsion or safety of the ship, provision shall be made for the sets to operate in parallel and means shall be provided so that in the event of overload or a partial failure of the power supply the services not essential to the propulsion and safety of the ship will be cut out first, the services essential for those purposes being retained in circuit with such of the generators as may remain in service.

(4) In every ship any electrically operated steering gear shall be served by two sets of feeder cables from the ship's main switchboard. Such sets of feeder cables shall be separated from each other throughout their length as widely as practicable Each feeder cable shall have a capacity adequate for serving all motors which may operate simultaneously in connection with steering gear. Such cables and motors shall be protected by fuses, circuit breakers or other similar devices against short circuits, but shall not be so protected against lesser loads.

(5) If in any ship the power supply for an automatic sprinkler system, requiring not less than two sources of power supply for sea-water pumps, air compressors and automatic alarms, is electrical, such power supply shall be taken through the emergency switchboard by a feeder reserved solely for that purpose. There shall be no switch in the circuit other than that at the switchboard. The switch shall be clearly and permanently labelled to indicate its purpose and to indicate that it shall normally be kept closed.

(6) In every ship the main emergency feeder cables shall be separated vertically and horizontally as widely as practicable.

40. GENERAL ELECTRICAL PRECAUTIONS.

(1) In every ship, all exposed metal parts of electrical equipment which are not intended to have a voltage above that of earth but which may have such a voltage under fault conditions shall be earthed, and all such equipment shall be so constructed and installed that there will be no danger of injury to a person handling it in a proper manner. The metal frames of all portable lamps and tools and other portable apparatus provided in the ship and operating on an electric supply of a voltage of 100 volts or more shall be earthed through a conductor in the supply cable.

(2) Elke elektriese kabel in die skip moet op elke plek waar 'n elektriese fout 'n brand mag veroorsaak, bedek wees met metaalomhulsels, -beskermingsdrade of ander ewe doeltreffende beskermingsmiddels. Alle metaalomhulsels en -beskermingsdrade van elektriese kabels in elke skip moet elektries deurlopend en geaard wees.

(3) Die drade in elke skip moet op so 'n wyse bevestig word dat hulle nie as gevolg van wrywing of 'n ander oorsaak beskadig sal word nie.

(4) In elke skip moet die lasse in alle elektriese geleiers slegs in verdeelkaste of uitlaatkaste gemaak word, behalwe in die geval van laagspanning-verbindingstroombane. Sulke lasse of uitlaatkaste moet van so 'n aard wees dat die verspreiding van brand daarvandaan voorkom sal word.

(5) Die montering van alle ligte in elke skip moet van so 'n aard wees dat temperatuurstygings wat vir die elektriese bedrading daarvan gevaarlik sal wees of wat aanleiding kan gee tot 'n gevaar van brand in die omliggende materiaal, verhoed sal word.

(6) Elke elektriese ruimverwarmer wat 'n deel is van die toerusting van die skip moet op 'n plek bevestig word en moet van so 'n aard wees dat dit die gevaar van brand tot 'n minimum beperk. Geen sodanige verwarmer mag gebou word met 'n element wat so blootgestel is dat klere, gordyne, of ander soortgelyke materiaal deur die hitte van die element gskroei of aan die brand gesteek kan word nie.

(7) In elke skip moet elke afsonderlike elektriese stroombaan, behalwe 'n stroombaan wat die skip se stuurinrigting bedien, teen oorlaaiing beskerm word. Die stroomdravermoë van die stroombaan wat dit beskerm en die vermoësyfer of die instelsyfer van die toestel moet duidelik en blywend op of naby elke toestel vir die beskerming teen oorlaaiing aangedui word.

(8) Alle opgaarbatterye in elke skip moet onderdak gebring word in kaste of afdelings wat só gebou is dat die batterye teen skade beskerm word en wat so geventileer is dat die ophoping van ontplofbare gas gering is. Elektriese toestelle wat moontlik elektriese boë kan vorm, moet nie in enige afdeling wat gebruik word om opgaarbatterye te huisves, geïnstalleer word nie, tensy sodanige toestelle vlamproef is.

41. Spaarparte en gereedskap.

Elke skip van Klasse I, II en IIA moet voorsien word van 'n toereikende hoeveelheid plaasvervangende parte vir daardie parte van die skip se elektriese uitrusting en installasies waarvan, met inagneming van die voorgenome diens van die skip, die vervanging in die geval van 'n defek terwyl die skip op see is noodsaaklik sou wees vir die veiligheid van die skip en die persone aan boord, tesame met sodanige gereedskap as wat nodig is vir die aanbring van daardie plaasvervangende parte.

HOOFSTUK V.—BESKERMING TEEN BRAND: SKEPE VAN KLASSE I, II EN IIA.

42. Toepassing van Hoostuk V.

Hierdie hoofstuk is van toepassing op skepe van Klasse I, II en IIA, en 'n „Hoofstuk V-skip" beteken 'n skip waarop hierdie hoofstuk aldus van toepassing is.

(Opmerking.—Die aandag word gevestig op regulasie 91 ingevolge waarvan enige skip van Klas II of IIA van die vereistes van hierdie hoofstuk vrygestel kan word.)

43. Vertoon van planne.

In elke Hoofstuk V-skip moet daar vir die leiding van die gesagvoerder van die skip planne voorsien word waarop die volgende aangedui word: Die afdelings van die skip wat op elke dek deur afdelings van die A-klas omsluit word en die afdelings van die skip wat deur afdelings van die B-klas omsluit word, tesame met besonderhede van die brandalarm en -opsporingstelsels, sproeierinstallasies en brandblustoestelle wat in die skip voorsien word, die middels van toegang tot en uitgang uit die verskillende afdelings en dekke van die skip, en van die skip se ventilasiestelsel, met inbegrip van veral die plekke waar die dempers en identifikasienommers van die waaiers,

(2) Every electrical cable in the ship shall, at every position at which an electrical fault may cause a fire, be covered by metal sheaths, metal armour or other equally effective means of protection. All metal sheaths and metal armour of electrical cable in every ship shall be electrically continuous and shall be earthed.

(3) Wiring in every ship shall be supported in such a manner as to avoid chaffing and other injury.

(4) In every ship the joints in all electrical conductors shall be made only in junction or outlet boxes except in the case of low voltage communication circuits. All such junctions or outlet boxes shall be so constructed as to prevent the spread of fire therefrom.

(5) All lighting fittings in every ship shall be so arranged as to prevent rises in temperature which would be injurious to the electrical wiring thereof or which would result in a risk of fire in the surrounding material.

(6) Every electric space-heater forming part of the equipment of the ship shall be fixed in position and shall be so constructed as to reduce the risk of fire to a minimum. No such heater shall be constructed with an element so exposed that clothing, curtains, or other similar material can be scorched or set on fire by heat from the element.

(7) In every ship each separate electrical circuit, other than a circuit which operates the ship's steering gear, shall be protected against overload. There shall be clearly and permanently indicated on or near each overload protective device the current carrying capacity of the circuit which it protects and the rating or setting of the device.

(8) In every ship all accumulator batteries shall be housed in boxes or compartments which are so constructed as to protect the batteries from damage and are so ventilated as to minimise the accumulation of explosive gas. Electrical devices which are likely to arc shall not be installed in any compartment used to house accumulator batteries unless such devices are flameproof.

41. Spare Parts and Tools.

Every ship of Classes I, II and IIA shall be provided with an adequate quantity of replacements for those parts of the ship's electrical equipment and installation which, having regard to the intended service of the ship, it would be essential for the safety of the ship and of persons on board to replace in the event of failure while the ship is at sea, together with such tools as are necessary for the fitting of those replacements.

CHAPTER V.—FIRE PROTECTION: SHIPS OF CLASSES I, II AND IIA.

42. Application of Chapter V.

This Chapter applies to ships of Classes I, II and IIA, and a "Chapter V ship" means a ship to which this Chapter so applies.

(Note.—Attention is invited to regulation 91 in terms of which any ship of Class II or IIA may be exempted from the requirements of this Chapter.)

43. Exhibition of Plans.

In every Chapter V ship, there shall be provided for the guidance of the master of the ship plans showing for each deck the sections of the ship enclosed by "A" Class divisions and the sections of the ship enclosed by "B" Class divisions, together with particulars of the fire alarm and fire detecting systems, sprinkler installations and fire extinguishing appliances provided in the ship, the means of entry into and exit from the various compartments and decks in the ship, and of the ship's ventilating system, including in particular the positions of the dampers thereof and the identification number of the

wat elke afdeling van die skip dien, geleë is. Sodanige planne moet deur glas of soortgelyke materiaal beskerm word en moet blywend aangebring word op 'n beskotdek, tafel of lessenaar naby die plek waarvandaan die skip normaalweg bestuur word.

44. Afdelings van die A- en B-klas.

(*b*) every boiler and superheater, being a boiler or superheater of such dimensions and form that an adequate internal examination thereof can be made, shall, at any time after first being put into service in the ship, be capable of withstanding for a period of not less than thirty minutes a test by hydraulic pressure to one and one-half times the maximum working pressure of the boiler;

(*c*) elke stoomketel en oorverhitter wat 'n stoomketel of oorverhitter van sodanige afmetings en vorm is dat dit nie voldoende inwendig ondersoek kan word nie, moet te enige tyd nadat dit vir die eerste keer in enige skip in gebruik geneem is, instaat wees om 'n toets met hidroliese druk tot die omvang uiteengesit in subparagraaf (*a*) van hierdie paragraaf, te weerstaan.

(3) Elke waterverwarmer moet in staat wees om te alle tye 'n toets met hidroliese druk tot die volgende omvang te weerstaan:—

(*a*) Indien die waterverwarmer nie van die stoomketel afgesluit kan word nie, tot dieselfde omvang as wat deur subparagraaf (*a*) van paragraaf (2) vereis word met betrekking tot die stoomketel waarmee die waterverwarmer verbind is; of

(*b*) indien die waterverwarmer van die stoomketel afgesluit kan word, tot een en 'n half keer die maksimum werkdruk van die veiligheidsklep van die waterverwarmer plus 50 pond per vierkante duim.

(4) Elke montering van elke stoomketel, wat nie 'n montering in die stoomketelvoedingstelsel is nie, moet in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot twee keer die maksimum werkdruk van die stoomketel te weerstaan.

Elke montering van elke oorverhitter en waterverwarmer wat nie 'n montering in die stoomketelvoedingstelsel is nie, moet instaat wees om 'n toets te weerstaan met hidroliese druk tot twee keer die maksimum werkdruk van die stoomketel waarmee die oorverhitter of waterverwarmer, wat die geval ook al is, verbind is.

67. MASJINERIE.

(1) 'n Reëlaar moet in elke skip voorsien word vir enige vorentoe-turbine of stel turbines wat 'n enkelratwiel aandryf wat 'n deel vorm van die hoofaandrywingsmasjinerie, sodat die stoom outomaties afgesluit kan word ingeval die spoed te hoog word. 'n Handskakelaar moet ook vir daardie doel voorsien word.

(2) In elke skip moet middels voorsien word wat die stoom vanaf enige vorentoe-turbine en enige ander masjinerie, wat deur dieselfde smeeroliestelsel bedien word as die turbine, in die geval van enige defek van daardie stelsel outomaties afsluit.

(3) (*a*) Die straalpypkaste van elke impulsstoomturbine wat in die skip aangebring word, moet in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot een en 'n half keer die maksimum druk waaraan dit in gebruik onderwerp mag word, te weerstaan.

(*b*) Die stoomkaste van elke turbine wat in die skip aangebring is, moet in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot een en 'n half keer die maksimum werkdruk in sulke kaste, of 30 pond per vierkant duim, wat ookal die grootste is, te weerstaan.

(4) Die silinders van alle stoomsuiermasjinerie wat in die skip aangebring is, moet in staat wees om 'n toets met hidroliese druk van die volgende omvang te weerstaan:—

Tipe masjien.	*Silinderdruk.*	*Druk van toets.*
Samegestelde uitsetting	Hoog.....	1½ × M.W.D.
Samegestelde uitsetting	Laag.....	30 pond per vierkant duim.
Drievoudige uitsetting	Hoog.....	1½ × M.W.D.
Drievoudige uitsetting	Intermediêr.....	¾ × M.W.D.
Drievoudige uitsetting	Laag.....	30 pond per vierkant duim.
Viervoudige uitsetting.	Hoog.....	1½ × M.W.D.
Viervoudige uitsetting.	1ste Intermediêr.	⅞ × M.W.D.
Viervoudige uitsetting.	2de Intermediêr..	⅝ × M.W.D.
Viervoudige uitsetting.	Laag.....	30 pond per vierkant duim.

In die voorafgaande tabel beteken „M.W.D." met betrekking tot 'n silinder, die maksimum werkdruk van die stoomketel waarmee die masjinerie, waarvan die silinder 'n deel vorm, verbind is.

(5) Die silindervoerings van elke kompressie-ontstekingsenjin wat in die skip aangebring is, moet in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot 100 pond per vierkant duim te weerstaan. Die verkoelingskanale van die silinders, bedekkings en ander vloeistofverkoelde dele van so 'n enjin moet in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot 30 pond per vierkant duim te weerstaan.

(*c*) every boiler and superheater, being a boiler or superheater of such dimensions and form that an adequate internal examination thereof cannot be made, shall, at any time after first being put into service in any ship, be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to the extent specified in sub-paragraph (*a*) of this paragraph.

(3) Every economiser shall be capable at all times of withstanding a test by hydraulic pressure to the following extent:—

(*a*) If the economiser cannot be shut off from the boiler, to the same extent as is required by sub-paragraph (*a*) of paragraph (2) in relation to the boiler to which the economiser is connected; or

(*b*) if the economiser can be shut off from the boiler, to one and one-half times the maximum working pressure of the safety valve of the economiser plus 50 pounds per square inch.

(4) Each mounting of every boiler, not being a mounting in the boiler feed system, shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to twice the maximum working pressure of the boiler.

Each mounting of every superheater and economiser, not being a mounting in the boiler feed system, shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to twice the maximum working pressure of the boiler to which the superheater or economiser, as the case may be, is connected.

67. MACHINERY.

(1) In very ship, a governor shall be provided for any ahead turbine or set of turbines which drives a single gear wheel forming part of the main propelling machinery, so as to shut off the steam automatically in the event of overspeed. A hand-trip gear shall also be provided for that purpose.

(2) In every ship means shall be provided which will shut off automatically the steam from any ahead turbine, and any other machinery served by the same lubricating oil system as the turbine, in the event of any failure of that system.

(3) (*a*) The nozzle boxes of every impulse steam turbine fitted in the ship shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to one and one-half times the maximum pressure to which they may be subjected in service.

(*b*) The steam casings of every turbine fitted in the ship shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to one and one-half times the maximum working pressure in such casings or 30 pounds per square inch, whichever shall be the greater.

(4) The cylinders of all steam reciprocating machinery fitted in the ship, shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to the following extent:—

Type of Engine.	*Cylinder Pressure.*	*Pressure of Test.*
Compound expansion.	High.....	1½ × M.W.P.
Compound expansion.	Low.....	30 pounds per square inch.
Triple expansion.....	High.....	1½ × M.W.P
Triple expansion.....	Intermediate....	¾ × M.W.P.
Triple expansion.....	Low.....	30 pounds per square inch.
Quadruple expansion.	High.....	1½ × M.W.P.
Quadruple expansion.	1st intermediate.	⅞ × M.W.P.
Quadruple expansion.	2nd intermediate	⅝ × M.W.P.
Quadruple expansion.	Low.....	30 pounds per square inch.

In the foregoing table "M.W.P." means, in relation to a cylinder, the maximum working pressure of the boiler to which the machinery of which the cylinder forms a part is connected.

(5) The cylinder liners of every compression ignition engine fitted in the ship, shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to 100 pounds per square inch. The cooling passages of the cylinders, covers and other fluid-cooled parts of such engine shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to 30 pounds per square inch.

(6) Onderworpe aan die bepalings van paragraaf (2) van regulasie 38, mag geen masjinerie of stoomketels wat ontwerp is om met oliebrandstof met 'n ontbrandingspunt van minder as 150° F. (65·6° C.) te werk, in die skip aangebring word nie.

68. ASTE.

In elke skip moet elke as so ontwerp en gebou wees dat dit die maksimum werkspannings waaraan dit blootgestel mag word sal weerstaan, met 'n veiligheidsfaktor wat voldoende is met inagneming van—

(*a*) die materiaal waarvan dit gebou is;

(*b*) die diens waarvoor dit bedoel is; en

(*c*) die tipe enjins waardeur dit aangedryf word of waarvan dit 'n deel is.

69. STOOMKETELVOEDINGSTELSELS.

(1) Elke stoomketel wat in 'n skip aangebring is, moet voorsien wees van minstens twee doeltreffende en aparte voedingstelsels wat so ingerig is dat enigeen van sodanige stelsels vir inspeksie of nasien oopgemaak kan word sonder om die doeltreffendheid van die ander een te beïnvloed. Middels moet voorsien word om oordruk in enige deel van die stelsels te voorkom.

(2) Indien dit moontlik is dat olie in die voedingswaterstelsel van die skip kan kom, moet die inrigtings vir die voorsiening van stoomketelvoedingswater voorsiening maak vir die opvang van olie in die voedingswater.

(3) Elke voedingsterugslagklep, inrigting en pyp waardeur voedingswater van 'n pomp na die stoomketels in die skip gaan, moet doeltreffend ontwerp en sterk genoeg wees om met 'n voldoende veiligheidsfaktor die maksimum werkdruk waaraan die voedingskanaal onderwerp mag word, te weerstaan. Sodanige klep, inrigting en pyp moet ook in staat wees om 'n toets te weerstaan met hidroliese druk tot twee en 'n half keer die maksimum werkdruk van die stoomketel waarmee hulle verbind is of twee keer die maksimum werkdruk van die voedingskanaal, watter ook al die grootste is. Die voedingspype moet voldoende gesteun word.

70. STOOMPYPSTELSELS.

(1) In elke skip moet elke stoompyp en elke toerusting wat daarmee verbind is en waardeur stoom mag gaan, so ontwerp en gebou wees dat dit die maksimum werkspannings waaraan dit onderwerp mag word, kan weerstaan, met 'n veiligheidsfaktor wat voldoende is met inagneming van—

(*a*) die materiaal waarvan dit gebou is; en

(*b*) die werksomstandighede waarin dit gebruik sal word.

Die stoompype moet voldoende gesteun word.

(2) Sonder benadeling van die algemeenheid van paragraaf (1), moet elke stoompyp en inrigting in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot twee keer die maksimum werkdruk waaraan dit onderwerp mag word, te weerstaan.

(3) Voorsiening moet gemaak word om oormatige drukspanning te verhoed wat moontlik daartoe aanleiding kan gee dat enige stoompyp defek raak, hetsy weens temperatuurswisseling, trilling, of andersins.

(4) Doeltreffende middels moet voorsien word om elke stoompyp te dreineer ten einde te verseker dat die binnekant van die pyp geen water bevat nie en dat waterhammerslag nie sal voorkom in enige omstandighede wat moontlik kan voorkom in die loop van die voorgenome diens van die skip nie.

(5) Indien 'n stoompyp stoom van enige bron mag ontvang teen 'n hoër druk as wat dit met 'n voldoende veiligheidsfaktor kan weerstaan, moet 'n doeltreffende reduseerklep, ontlasklep en drukmeter aan sodanige pyp aangebring word.

71. LUGDRUKSTELSELS.

(1) Elke skip wat aangedryf word deur kompressieontstekingsenjins wat ontwerp is om deur middel van saamgeperste lug aangesit te word, moet voorsien wees van minstens twee aansitlugkompressors, waarvan elkeen 'n doeltreffende ontwerp en voldoende krag en inhoud

(6) Subject to the provisions of paragraph (2) of regulation 38, no machinery or boilers shall be fitted in the ship which are designed to be operated by means of oil fuel having a flash point of less than 150° F. (65·6° C.).

68. SHAFTS.

In every ship, every shaft shall be so designed and constructed that it will withstand the maximum working stresses to which it may be subjected, with a factor of safety which is adequate having regard to—

(*a*) the material of which it is constructed;

(*b*) the service for which it is intended; and

(*c*) the type of the engines by which it is driven or of which it forms a part.

69. BOILER FEED SYSTEMS.

(1) Every boiler fitted in a ship shall be provided with not less than two efficient and separated feed systems so arranged that either of such systems may be opened up for inspection or overhaul without affecting the efficiency of the other. Means shall be provided which will prevent overpressure in any part of the systems.

(2) If it is possible for oil to enter the feed water system in the ship, the arrangements for supplying boiler feed water shall provide for the interception of oil in the feed water.

(3) Every feed check valve, fitting and pipe through which feed water passes from a pump to the boilers in the ship, shall be of efficient design and of sufficient strength to withstand with an adequate factor of safety the maximum working pressure to which the feed line may be subjected. Such valve, fitting and pipe shall also be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to two and one-half times the maximum working pressure of the boiler to which they are connected or twice the maximum working pressure of the feed line, whichever shall be the greater. The feed pipes shall be adequately supported.

70. STEAM PIPE SYSTEMS.

(1) In every ship, every steam pipe and every fitting connected thereto through which steam may pass shall be so designed and constructed as to withstand the maximum working stresses to which it may be subjected, with a factor of safety which is adequate having regard to—

(*a*) the material of which it is constructed; and

(*b*) the working conditions under which it will be used.

The steam pipes shall be adequately supported.

(2) Without prejudice to the generality of paragraph (1), every steam pipe and fitting shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to twice the maximum working pressure to which it may be subjected.

(3) Provision shall be made which will avoid excessive stress likely to lead to the failure of any steam pipe, whether by reason of variation in temperature, vibration or otherwise.

(4) Efficient means shall be provided for draining every steam pipe so as to ensure that the interior of the pipe is kept free of water and that water hammer action will not occur under any conditions likely to arise in the course of the intended service of the ship.

(5) If a steam pipe may receive steam from any source at a higher pressure than it can withstand with an adequate factor of safety, an efficient reducing valve, relief valve and pressure guage shall be fitted to such pipe.

71. AIR PRESSURE SYSTEMS.

(1) Every ship, being a ship propelled by compression ignition engines designed to be started by compressed air, shall be provided with at least two starting air compressors, each of which shall be of efficient design and of

moet besit vir die diens waarvoor dit bedoel is: Met die voorbehoud dat in skepe van Klas VI slegs een kompressor vereis sal word.

(2) Sonder benadeling van die algemeenheid van paragraaf (1)—

(*a*) moet elke silinder wat 'n deel vorm van 'n lugkompressor in 'n skip in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot twee keer sy maksimum werkdruk te weerstaan;

(*b*) moet elke koelslang van elke stadium wat 'n deel vorm van sulke lugkompressor in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot twee keer die maksimum van die werkdruk van daardie stadium te weerstaan;

(*c*) moet die verkoelingskanale van so 'n lugkompressor en die koeleromhulsels daarvan in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot 30 pond per vierkant duim te weerstaan; en

(*d*) moet 'n ontlasklep in die hoëdruk-afvoer van sodanige kompressor aangebring word, en moet 'n ontlasklep of veiligheidsdiafragma aan die omhulsel van die hoëdrukverkoeler aangebring word.

(3) Elke skip moet voorsien wees van 'n aansitlugkompressor wat sonder 'n voorraad saamgeperste lug aangesit kan word, en wat benewens die kompressors vereis deur paragraaf (1) voorsien moet word: Met die voorbehoud dat so 'n bykomstige kompressor nie vereis word nie indien 'n kompressor ooreenkomstig genoemde paragraaf sonder 'n voorraad saamgeperste lug in gebruik geneem kan word.

(4) Elke skip wat aangedryf word deur kompressie-ontstekingsenjins wat ontwerp is om met saamgeperste lug aangesit te word, moet voorsien wees van minstens twee lughouers wat so 'n saamgestelde inhoud moet hê dat wanneer hulle met saamgeperste lug gevul word, die lug daarin voldoende sal wees om elkeen van die skip se hoofenjins twaalf keer aan te sit indien sodanige enjins omkeerbaar is, en ses keer indien sodanige enjins nie omkeerbaar is nie: Met die voorbehoud dat in skepe van Klas VI, slegs een sodanige lughouer vereis word.

(5) Elke lughouer wat in die skip voorsien word moet so ontwerp en gebou wees wat dit die maksimum werksspanning waaraan dit onderwerp mag word, kan weerstaan met 'n veiligheidsfaktor wat voldoende is met inagneming van—

(*a*) sy ontwerp en die materiaal waarvan dit gemaak is; en

(*b*) die werksomstandighede waaronder dit bedoel is om gebruik te word.

Sonder benadeling van die algemeenheid van die voorafgaande, moet elke lughouer in staat wees om 'n toets te weerstaan met hidroliese druk tot die omvang wat in die volgende tabel uiteengesit word:—

Bou van lughouer.	*M.W.D. van ontvanger.*	*Druk van toets.*
Vasgeklink....	Nie oor 100 nie.....	2 × M.W.D.
Vasgesklink...	Oor 100 maar nie oor 300 nie	1½ × M.W.D. + 50.
Vasgeklink....	Oor 300.....	M.W.D. + 200.
Gesmeltsweis..	Nie oor 100 nie.....	2 × M.W.D.
Gesmeltsweis..	Oor 100.....	1 × M.W.D. + 50.

In voorafgaande tabel word drukke in ponde per vierkant duim aangedui en „M.W.D." beteken maksimum werkdruk.

(6) Elke lugfles wat in elke skip voorsien word, moet doeltreffend ontwerp en van naatlose staalbuis gemaak word met die ente van die fles afgedruk van die buis af, of ewe doeltreffend gebou word. Die fles moet uitgegloei word en in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot twee keer sy maksimum werkdruk te weerstaan.

(7) Elke lughouer en lugfles wat in die skip voorsien word, moet so ingerig wees dat dit toeganklik is vir ondersoekdoeleindes en moet voorsien wees van doeltreffende afvoerkanale vir die verwydering van olie en water, en van doeltreffende ontlaskleppe om oorlading te voorkom. Indien die lughouer of lugfles van die ontlas-

sufficient strength and capacity for the service for which it is intended: Provided that in ships of Class VI, only one such compressor shall be required.

(2) Without prejudice to the generality of paragraph (1)—

(*a*) every cylinder forming part of an air compressor in a ship shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to twice its maximum working pressure;

(*b*) every cooling coil of each stage forming part of such air compressor shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to twice the maximum working pressure of that stage;

(*c*) the cooling passages of such air compressor and the cooler casings thereof shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to 30 lb. per square inch; and

(*d*) a relief valve shall be fitted in the high pressure discharge from such compressor, and a relief valve or safety diaphragm shall be fitted on the casing of the high pressure cooler.

(3) Every ship shall be provided with a starting air compressor which can be put into operation without a supply of compressed air, and which shall be additional to the compressors required by paragraph (1): Provided that such additional compressor shall not be required if a compressor fitted in accordance with the said paragraph can be put into operation without a supply of compressed air.

(4) Every ship, being a ship propelled by compression ignition engines designed to start by compressed air, shall be provided with at least two air receivers, which shall be of such aggregate capacity that, when they are filled with compressed air, the air contained therein will be sufficient to start each of the ship's main engines twelve times if such engines are reversible, and six times if such engines are non-reversible: Provided that in ships of Class VI, only one such air receiver shall be required.

(5) Every air receiver provided in the ship shall be so designed and constructed as to withstand the maximum working stresses to which it may be subjected, with a factor of safety which is adequate having regard to—

(*a*) its design and the material of which it is constructed; and

(*b*) the working conditions under which it is intended to be used.

Without prejudice to the generality of the foregoing, every air receiver shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to the extent set forth in the following table:—

Construction of Receiver.	*M.W.P. of Receiver.*	*Pressure of Test.*
Riveted.....	Not over 100.....	2 × M.W.P.
Riveted.....	Over 100 but not over 300	1½ × M.W.P. + 50.
Riveted.....	Over 300.....	M.W.P. + 200.
Fusion welded	Not over 100.....	2 × M.W.P.
Fusion welded	Over 100.....	1½ × M.W.P. + 50.

In the foregoing table pressures are indicated in pounds per square inch, and "M.W.P." means maximum working pressure.

(6) Every air bottle provided in every ship shall be of efficient design and shall be made of seamless steel tube with the ends of the bottle worked down from the tube or shall be of equally efficient construction. The bottle shall be annealed and shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to twice its maximum working pressure.

(7) Every air receiver and air bottle provided in the ship shall be fitted with means of access for purposes of inspection and shall be provided with efficient drains for the removal of oil and water and with efficient relief valves to prevent overpressure. If the air receiver or air

klep afgeskei kan word, moet dit toegerus word met een of meer smeltbare proppe sodat die inhoud ingeval van brand uitgelaat kan word.

(8) (*a*) Elke lugdrukpyp wat in die skip voorsien word en elke inrigting wat aan so 'n pyp verbind is, moet in staat wees om die maksimum werkspannings waaraan dit onderwerp mag word, te weerstaan, met 'n veiligheidsfaktor wat voldoende is met inagneming van—

(i) die materiaal waarvan dit gebou is; en

(ii) die werksomstandighede waaronder dit bedoel is om gebruik te word.

(*b*) Sonder benadeling van die algemeenheid van die voorafgaande, moet elk so 'n pyp en inrigting in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot twee keer sy maksimum werkdruk te weerstaan.

(*c*) Elke sodanige pyp moet behoorlik gesteun word. Voorsiening moet gemaak word om die binnekant van die pyp vry van olie te hou en òf die deurgang van vlamme vanaf die silinders van die enjin na die pyp te verhoed, òf die pyp teen die uitwerking van 'n inwendige ontploffing te beskerm.

(9) Indien 'n lugdrukpyp in enige skip lug vanaf enige bron ontvang teen 'n hoër druk as wat dit met 'n voldoende veiligheidsfaktor kan weerstaan, moet 'n doeltreffende reduseerklep, ontlasklep en drukmeter in sodanige pyp aangebring word.

72. Enjinverkoelingstelsels.

(1) In elke skip wat deur binnebrandmasjinerie aanbedryf word of wat voorsien is van binnebrandenjins vir die instandhouding van dienste wat noodsaaklik is vir die veiligheid van die skip of van persone aan boord, moet twee pompe voorsien word wat elk in staat moet wees om voldoende verkoelingswater te verskaf aan sodanige masjinerie of enjins, wat die geval ookal is, en aan enige olieverkoelers of varswaterverkoelers wat daaraan verbind is: met die voorbehoud dat in skepe van Klas VI, slegs een sodanige pomp vereis word.

(2) Indien regstreekse seewaterverkoeling gebruik word vir enige binnebrandmasjinerie of binnebrandenjins, moet die seewatersuigings voorsien wees van siwwe wat skoongemaak kan word sonder om die watertoevoer te onderbreek.

(3) Middels moet voorsien word om te bepaal of die verkoelingstelsels behoorlik werk en om oorlading in enige deel daarvan te voorkom.

(4) Die uitlaatpype en geluiddempers van elke binnebrandenjin wat in elke skip voorsien word, moet doeltreffend verkoel of beklee wees.

73. Smeeroliestelsels.

(1) In elke skip waar olie vir die smeer van die hoofenjins onder druk gesirkuleer word, moet minstens twee pompe voorsien word waarvan elkeen voldoende moet wees om sodanige olie te sirkuleer: met die voorbehoud dat in skepe van Klas VI slegs een sodanige pomp vereis word.

(2) Siwwe moet voorsien word om die smeerolie deur te suig en moet, behalwe in skepe van Klas VI, van so 'n aard wees dat dit skoongemaak kan word sonder dat die toevoer van sodanige olie onderbreek word.

(3) Middels moet voorsien word om vas te stel of die smeerstelsel behoorlik werk en om oorlading in enige deel van die stelsel te voorkom. Indien die middel wat oorlading moet voorkom 'n ontlasklep is, moet dit in 'n geslote kringbaan wees.

74. Oliebrandstofinstallasies (stoomketels en masjinerie).

(1) In elke skip wat deur middel van stoomketels wat met olie gestook word of binnebrandmasjinerie aangedryf word, moet elke afdeling met 'n dubbele bodem wat vir die opberging van oliebrandstof aangewend is en wat nie 'n afdeling is wat aan die uiterste voorste of agterste punt van die skip gelee is nie, toegerus word met 'n waterdigte middelafdeling.

bottle can be isolated from the relief valve, it shall be fitted with one or more fusible plugs so as to discharge its contents in the event of fire.

(8) (*a*) Every air pressure pipe provided in the ship and every fitting connected to such pipe, shall be capable of withstanding the maximum working stresses to which it may be subjected with a factor of safety which is adequate having regard to—

(i) the material of which it is constructed; and

(ii) the working conditions under which it is intended to be used.

(*b*) Without prejudice to the generality of the foregoing, every such pipe and fitting shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to twice its maximum working pressure.

(*c*) Every such pipe shall be properly supported. Provision shall be made which will keep the interior of the pipe free from oil and either will prevent the passage of flame from the cylinders of the engine to the pipe, or will protect the pipe from the effects of an internal explosion.

(9) If, in any ship, an air pressure pipe may receive air from any source at a higher pressure than it can withstand with an adequate factor of safety, an efficient reducing valve, relief valve and pressure gauge shall be fitted to such pipe.

72. Engine Cooling Systems.

(1) In every ship, being a ship propelled by internal combustion machinery or provided with internal combustion engines for the maintenance of services essential for the safety of the ship or of persons on board, two pumps shall be provided each of which shall be capable of supplying adequate cooling water to such machinery or engines, as the case may be, and to any oil coolers or fresh water coolers fitted thereto: Provided that in ships of Class VI, only one such pump shall be required.

(2) If direct sea water cooling is used for any internal combustion machinery or internal combustion engines, the sea water suctions shall be provided with strainers which can be cleaned without interruption of the supply of water.

(3) Means shall be provided for ascertaining whether the cooling systems are working properly and for preventing overpressure in any part thereof.

(4) The exhaust pipes and silencers of every internal combustion engine provided in every ship shall be efficiently cooled or lagged.

73. Lubricating Oil Systems.

(1) In every ship, being a ship in which oil for the lubrication of the main engines is circulated under pressure, at least two pumps shall be provided each of which shall be adequate for circulating such oil: Provided that in ships of Class VI only one such pump shall be required.

(2) Strainers shall be provided for straining the lubricating oil, and, except in ships of Class VI, shall be capable of being cleaned without interrupting the supply of such oil.

(3) Means shall be provided for ascertaining whether the lubricating system is working properly, and for preventing overpressure in any part of the system. If the means of preventing overpressure is a relief valve, it shall be in close circuit.

74. Oil Fuel Installations (Boilers and Machinery).

(1) In every ship, being a ship propelled by means of oil-fired boilers or internal combustion machinery, every double bottom compartment appropriated for the storage of oil fuel, not being a compartment situated at the extreme forward or after end of the ship, shall be fitted with a watertight centre division.

(2) Elke oliebrandstoftenk in die skip moet behoorlik gebou wees en voorsien word van lekbakke of geute wat enige olie wat uit die tenk mag lek, sal opvang. Geen sodanige tenks mag direk bokant stoomketels of ander verhitte oppervlaktes geleë wees nie. Sonder benadeling van die algemeenheid van die voorafgaande, moet elk so 'n tenk in staat wees om 'n toets te weerstaan met hidroliese druk wat in die geval van 'n opbergingstenk, besinktenk of dienstenk gelyk is aan dié van 'n drukhoogte wat een voet groter is as die grootste drukhoogte waaraan die tenk in diens onderwerp mag word, maar in die geval van 'n besinktenk tot ministens 15 pond per vierkant duim.

(3) Die oliebrandstof wat 'n skip vervoer, moet doeltreffend geskei word van waterballas wat die skip mag bevat. Die pompinrigtings moet van so 'n aard wees dat dit toelaat dat die oliebrandstof vanaf enige opbergingstenk of besinktenk wat aangewend is vir oliebrandstof na enige ander opbergingstenk of besinktenk wat sodanig aangewend is, oorgeplaas word. Voorsorg moet getref word om te verhoed dat olie per ongeluk oorboord uitspuit of oorloop. Indien vars water opgeberg word in 'n tenk wat grens aan 'n tenk aangewend vir die opberging van oliebrandstof, moet 'n kofferdam voorsien word wat besmetting van die vars water deur die olie voorkom.

(4) In elke skip moet doeltreffende middels voorsien word om elke oliebrandstoftenk daarin te peil en om oorlading in sodanige tenk te voorkom.

(5) In elke skip moet 'n lugpyp vanaf elke oliebrandstoftenk na die buitelug gelei word en die uitlaat daarvan moet op so 'n plek geleë wees dat daar geen gevaar sal wees van brand of ontploffing wat ontstaan as gevolg van oliedamp wat uit die pyp ontsnap terwyl die tenk gevul word nie. Elk so 'n pyp moet toegerus word met 'n verwyderbare draadgaasdiafragma. Indien sodanige pyp ook as 'n oorlooppyp dien, moet voorsorg getref word om te voorkom dat die oorloop in of naby 'n stoomketelkamer, skeepskombuis of ander plek inloop waar dit kan ontvlam.

(6) Elke afvoerkanaal wat in die skip voorsien word om water van oliebrandstof in opbergings-, of besinktenks of in afskeiers te verwyder, moet van die selfsluitende tipe wees.

(7) Die oliebrandstofvulstasies in elke skip moet van ander ruimtes in die skip geskei word en doeltreffend gedreineer en geventileer word. Voorsiening moet gemaak word om oorlading in enige olievulpyplyne te voorkom.

(8) In elke skip moet elke oliedrukpyp van naatlose staal gemaak word en indien dit gebruik word vir die vervoer van verhitte olie moet dit in 'n opvallende posisie bokant die platforms in goed verligte dele van die stoomketelkamer of enjinkamer geleë wees. Elke sodanige pyp en las daarin en elke inrigting verbind met so 'n pyp moet in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot 400 pond per vierkant duim of tot twee keer sy maksimum werkdruk, wat ookal die grootste is, te weerstaan.

(9) In elke skip moet elke oliepyp, wat nie 'n oliedrukpyp is nie, van staal wees en op so 'n hoogte bokant die skip se binne-bodem, as daar een is, gevoer word dat dit die ondersoek en herstel van die pyp sal vergemaklik. Elke sodanige pyp en las daarin, en elke inrigting wat verbind is met so 'n pyp, moet in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot 50 pond per vierkant duim of tot twee keer sy maksimum werkdruk, wat ookal die grootste is, te weerstaan.

(10) In elke skip moet elke stoomverhittingspyp wat in aanraking met olie mag wees, van staal wees en tesame met sy lasse moet dit in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot twee keer sy maksimum werkdruk te weerstaan.

(11) In elke skip moet elke suigpyp van enige oliebrandstoftenk wat bokant 'n binnebodem geleë is en elke oliebrandstof-nivelleerpyp in 'n stoomketelkamer of enjinkamer toegerus wees met 'n klep of kraan bevestig aan elke tenk waaraan die pyp verbind is. Elke sodanige klep of kraan wat aan 'n oliebrandstof-suigpyp aangebring is, moet so ingerig word dat dit gesluit kan word vanaf die afdeling waarin dit geleë is sowel as van 'n redelik toeganklike plek buitekant sodanige afdeling en wat nie maklik in die geval van brand in daardie afdeling, afgesny

(2) Every oil fuel tank in the ship shall be properly constructed and shall be provided with save-alls or gutters which will catch any oil which may leak from the tank. No such tank shall be situated directly above boilers or other heated surfaces. Without prejudice to the generality of the foregoing, every such tank shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure in the case of a storage tank, settling tank or service tank, equal to that of a head of water one foot greater than the greatest head to which the tank may be subject when in service, but in the case of a settling tank, to not less than 15 pounds per square inch.

(3) The oil fuel carried in the ship shall be effectively isolated from water ballast which may be carried therein. The pumping arrangements shall be such as will permit the oil fuel to be transferred from any storage tank or settling tank appropriated for oil fuel into any other storage tank or settling tank so appropriated. Provision shall be made to prevent the accidental discharge or overflow of oil overboard. If fresh water is stored in a tank adjacent to a tank appropriated for the storage of oil fuel, a cofferdam shall be provided which will prevent contamination of the fresh water by the oil.

(4) In every ship efficient means shall be provided for sounding every oil fuel tank therein and to prevent overpressure in such tank.

(5) In every ship, an air pipe shall be led from every oil fuel tank to the open air, and the outlet thereof shall be in such a position that there will be no danger of fire or explosion resulting from the emergence of oil vapour from the pipe when the tank is being filled. Every such pipe shall be fitted with a detachable wire gauze diaphragm. If such pipe also serves as an overflow pipe, provision shall be made which will prevent the overflow from running into or near a boiler room, galley or other place in which it might be ignited.

(6) Every drain provided in the ship for the purpose of removing water from oil fuel in storage or settling tanks or in separators, shall be of the self-closing type.

(7) The oil fuel filling stations in every ship shall be isolated from other spaces in the ship and shall be efficiently drained and ventilated. Provision shall be made which will prevent overpressure in any oil-filling pipe lines.

(8) In every ship, every oil pressure pipe shall be made of seamless steel, and, if used for conveying heated oil, shall be situated in a conspicuous position above the platforms in well-lighted parts of the boiler room or engine room. Every such pipe and joint therein and every fitting connected to such pipe, shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to 400 pounds per square inch or to twice its maximum working pressure, whichever shall be the greater.

(9) In every ship, every oil pipe, not being an oil pressure pipe, shall be made of steel and shall be led at such a height above the ship's inner bottom, if any, as will facilitate the inspection and repair of the pipe. Every such pipe and joint therein, and every fitting connected to such pipe, shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to 50 pounds per square inch or to twice its maximum working pressure, whichever shall be the greater.

(10) In every ship, every steam heating pipe which may be in contact with oil shall be made of steel and, together with its joints, shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to twice its maximum working pressure.

(11) In every ship, every suction pipe from any oil fuel tank situated above an inner bottom, and every oil fuel levelling pipe within a boiler room or engine room shall be fitted with a valve or cock secured to each tank to which the pipe is connected. Every such valve or cock fitted to an oil fuel suction pipe shall be so arranged that it may be closed both from the compartment in which it is situated and from readily accessible position outside such compartment and not likely to be cut off in the event of fire in that compartment. Every such valve

sal word nie. Elke sodanige klep of kraan wat aan 'n oliebrandstof-nivelleerpyp aangebring is, moet so ingerig wees dat dit gesluit of oopgemaak kan word vanaf 'n redelik toeganklike plek bo die beskotdek en wat nie maklik deur brand in die afdeling waarin die pyp geleë is afgesny sal word nie. Indien enige olietenkvulpyp nie by of naby die bokant van die tenk met 'n oliebrandstoftenk verbind is nie, moet dit voorsien word van 'n terugslagklep of 'n klep of kraan bevestig aan die tenk waaraan dit verbind is, en so ingerig word dat dit beide vanaf die afdeling waarin dit geleë is en van 'n geredelik toeganklike posisie buitekant sodanige afdeling gesluit kan word en nie maklik in die geval van brand in daardie afdeling afgesny sal word nie.

(12) In elke skip moet elke hoofpyp by die oondplate wat die oliebrandstoftoevoer na stelle branders beheer, van die tipe wees wat vinnig sluit, en in 'n opvallend en geredelik toeganklike plek aangebring word. Voorsiening moet gemaak word om te voorkom dat olie na enige brander gelei word tensy sodanige brander korrek verbind is met die olietoevoerleiding.

(13) In elke skip moet elke klep wat in verband met die oliebrandstof-installasie gebruik word so ontwerp en gebou wees dat dit voorkom dat die bekleding van die klepkas laatskiet of losgaan wanneer die klep in werking is.

(14) In elke skip moet elke pomp voorsien vir gebruik in verband met die oliebrandstofstelsel geskei word van die skip se toevoerpompe, lenspompe en ballaspompe en van die verbindings van enige sodanige pompe, en voorsien word van 'n doeltreffende ontlasklep wat in geslote kringbaan moet wees. Voorsiening moet gemaak word waardeur elke oliebrandstofdrukpomp en lenspomp vanaf 'n posisie buitekant die afdeling waarin sodanige pomp geleë is, afgeskakel kan word.

(15) Elke skip moet voorsien wees van minstens twee oliebrandstof-eenhede elkeen wat bestaan uit 'n drukpomp, filters en 'n verhitter. Sodanige pomp, filters en verhitters moet doeltreffend ontwerp en stewig gebou wees. Voorsiening moet gemaak word om oorlading in enige deel van die oliebrandstof-eenhede te voorkom. Die dele van sodanige oliebrandstof-eenhede wat aan oliedruk onderhewig is, en die lasse daarvan, moet in staat wees om 'n toets met hidroliese druk tot 400 pond per vierkant duim of twee keer hulle maksimum werkdruk, wat ookal die grootste is, te weerstaan. Enige ontlaskleppe wat aangebring is om oorlading in die oliebrandstofverhitter te verhoed, moet in geslote kringbaan wees. Indien stoom gebruik word om oliebrandstof in bunkers, tenks, verhitters of afskeiers in enige so 'n skip te verhit, moet afvoerkanale voorsien word om die kondensasiewater in 'n waarnemingstenk in te laat.

(16) In elke skip moet lekbakke of geute onder elke oliebrandstof-pomp, filter en verhitter voorsien word om enige olie wat daaruit mag lek of gemors word, op te vang. Lekbakke of geute moet by die oondopenings voorsien word om olie wat van die branders kan ontsnap, op te vang. Voorsiening moet gemaak word om te verhoed dat olie wat van enige oliebrandstofpomp, filter of verhitter ontsnap, met stoomketels of ander verhitte oppervlaktes in aanraking kom.

(17) Elke oliebrandstof-afskeier in die skip moet doeltreffend ontwerp en stewig gebou wees. Voorsiening moet gemaak word om oorlading in enige deel daarvan, en die uitlating van oliedamp in beperkte ruimtes, te voorkom.

(18) Indien, in enige skip wat aangedryf word met behulp van stoomketels wat met olie gestook word, dempers aan die skoorsteenpype of stoomketels aangebring word, moet voorsiening gemaak word om die dempers in die oop posisie te bevestig, en 'n aanwyser moet voorsien word om aan te toon of die dempers oop of toe is.

(19) Vir die toepassing van hierdie regulasie sluit die uitdrukking „oliebrandstoftenk" 'n oliebrandstofopbergingstenk, 'n oliebrandstof-besinktenk, 'n oliebrandstof-dienstenk en 'n oliebrandstof-oorlooptenk in.

or cock fitted to an oil fuel levelling pipe shall be so arranged that it can be closed or opened from a readily accessible position above the bulkhead deck and not likely to be cut off by a fire in the compartment in which the pipe is situated. If any oil tank filling pipe is not connected to an oil fuel tank at or near the top of the tank, it shall be fitted with a non-return valve or with a valve or cock secured to the tank to which it is connected and so arranged that it may be closed both from the compartment in which it is situated and from a readily accessible position outside such compartment and not likely to be cut off in the event of fire in that compartment.

(12) In every ship every master valve at the furnace fronts which controls the supply of oil fuel to sets of burners shall be of a quick-closing type, and fitted in a conspicuous position and readily accessible. Provision shall be made to prevent oil from being turned on to any burner unless such burner has been correctly coupled up to the oil supply line.

(13) In every ship, every valve used in connection with the oil fuel installation shall be so designed and constructed as to prevent the cover of the valve chest being slackened back or loosened when the valve is operated.

(14) In every ship, every pump provided for use in connection with the oil fuel system shall be separate from the ship's feed pumps, bilge pumps and ballast pumps and the connections of any of such pumps, and shall be provided with an efficient relief valve which shall be in close circuit. Provision shall be made by which every oil fuel pressure pump and transfer pump may be stopped from a position outside the compartment in which such pump is situated.

(15) Every ship shall be provided with not less than two oil fuel units, each comprising a pressure pump, filters and a heater. Such pump, filters and heater shall be of efficient design and substantial construction. Provision shall be made which will prevent overpressure in any part of the oil fuel units. The parts of such oil fuel units which are subject to oil pressure, and the joints thereof, shall be capable of withstanding a test by hydraulic pressure to 400 pounds per square inch or twice their maximum working pressure, whichever shall be the greater. Any relief valves fitted to prevent overpressure in the oil fuel heater shall be in close circuit. If steam is used for heating oil fuel in bunkers, tanks, heaters or separators in any such ship, exhaust drains shall be provided to discharge the water of condensation into an observation tank.

(16) In every ship, save-alls or gutters shall be provided under every oil fuel pump, filter and heater to catch any oil which may leak or be spilled therefrom. Save-alls or gutters shall be provided in way of the furnace mouths to catch oil which may escape from the burners. Provision shall be made which will prevent oil which may escape from any oil fuel pump, filter or heater from coming into contact with boilers or other heated surfaces.

(17) Every oil fuel separator in the ship shall be of efficient design and substantial construction. Provision shall be made which will prevent overpressure in any part thereof, and which will prevent the discharge of oil vapour therefrom into confined spaces.

(18) If, in any ship, being a ship propelled by means of oil-fired boilers, dampers are fitted to the funnels or boilers, provision shall be made for securing the dampers in the open position, and an indicator shall be provided to show whether the dampers are open or shut.

(19) For the purposes of this regulation the expression "oil fuel tank" includes an oil fuel storage tank, an oil fuel settling tank, an oil fuel service tank and an oil fuel overflow tank.

75. OLIEBRANDSTOF-INSTALLASIES (STOWE).

(1) Indien, in enige skip, 'n stoof van brandstof voorsien word vanaf 'n olietenk, mag die tenk nie in die skeepskombuis geleë wees nie, en die olietoevoer na die branders moet in staat wees om vanaf 'n posisie buite die skeepskombuis beheer te word. Geen stoof of branders wat ontwerp is om deur middel van oliebrandstof te werk en 'n ontbrandingspunt van minder as 150° F. (65·6° C.) het, mag aangebring word nie.

(2) Die tenk moet voorsien wees van 'n lugpyp wat na die buitelug lei. Die pyp moet in so 'n posisie wees dat daar geen gevaar sal wees van brand of ontploffing wat ontstaan weens die ontsnapping van oliedamp uit die pyp wanneer die tenk gevul word nie. Die pyp moet voorsien wees van 'n afneembare draadgaasdiafragma.

(3) Doeltreffende middels moet voorsien word om elke tenk waarna in paragraaf (1) verwys word, te vul en om oorlading daarin te voorkom.

76. VENTILASIE.

In elke skip moet elke ruim waarin 'n oliebrandstoftenk of enige deel van 'n oliebrandstofinstallasie geleë is, voldoende geventileer word.

77. STUURINRIGTING.

(1) Elke skip moet voorsien word van 'n doeltreffende hoof- en hulpstuurinrigting: Met die voorbehoud dat 'n hulpstuurinrigting nie vereis sal word nie indien die skip se hoofstuurinrigting toegerus is met dubbele krageenhede en dubbele verbindings tot by die roerkoning.

(2) Die hulpstuurinrigting moet in staat wees om snel in aksie gestel te kan word en dit moet sterk genoeg wees, en voldoende krag hê sodat die skip teen 'n bevaarbare spoed gestuur kan word. Die hulpstuurinrigting moet kragaangedrewe wees in enige skip wat toegerus is met 'n roerkoning met 'n deursnee van meer as nege duim by die roerpen.

(3) Middels moet in elke skip aangebring word deur middel waarvan die skip van 'n posisie agter in die skip gestuur kan word.

78. VOORRADE, SPAARUITRUSTING EN GEREEDSKAP

Elke skip van Klasse I, II en IIA moet voorsien word van sulke voorrade, spaaruitrusting en gereedskap as wat voldoende is met inagneming van die voorgenome diens van die skip, ten einde handherstelwerk aan die skip se stoomketels en masjinerie moontlik te maak terwyl die skip op see is.

HOOFSTUK VII.—DIVERSE BEPALINGS.

79. TOEPASSING VAN HOOFSTUK VII.

Hierdie hoofstuk is op elke skip van toepassing.

80. KOMPASSE.

(1) (a) Elke skip van Klas I moet voorsien wees van drie doeltreffende magnetiese kompasse op die middellyn van die skip. Een van hierdie kompasse moet voorsien word vir gebruik as 'n stuurkompas en aangebring word by die gewone stuurplek, 'n tweede kompas moet voorsien word vir gebruik as 'n standaardkompas en aangebring word naby die gewone stuurplek op 'n plek waarvandaan die uitsig op die horison die minste belemmer is, en 'n derde sodanige kompas moet aangebring word by die agterstuurplek en moet, tesame met sy beueleenhede, met die stuurkompas verwisselbaar wees.

Met dienverstande dat 'n magnetiese stuurkompas nie vereis word nie indien—

(1) Every boat shall be fitted with bilge pumps and piping in accordance with the following table:—

Lengte van boot in voet.		Minimum getal pompe.	Minimum inhoudsvermoë van pompe.	Minimum inwendige deursnee van pypleiding.
Bote ontwerp om pelsers, maasbankers of makriel te vang.	Ander bote.			
—	30 en minder.....	1 wat meganies of met hand beweeg word.....	15 G.P.M.....	2″
30 en minder.....	Oor 30 tot 65.....	2 (1 meganies, 1 handaangedrewe).....	15 G.P.M. elk.....	2″
Oor 30 tot 65.....	Oor 65 tot 80.....	2 (1 meganies, 1 handaangedrewe).....	30 G.P.M. elk.....	2″
Oor 65 tot 80.....	Oor 80 tot 100....	2 meganies (1 mag deur hoofenjin aangedryf word)	100 G.P.M. totaal..	2″
Oor 80 tot 100.....	150.....	2 meganies (1 mag deur hoofenjin aangedryf word)	170 G.P.M. totaal	2½″

(OPMERKING.—„ G.P.M. " beteken gelling per minuut.)

Length of Boat in Feet.		Minimum Number of Pumps.	Minimum Capacity of Pumps.	Minimum Internal Diameter of Piping.
Boats Designed for Catching Pilchards, Maasbankers or Mackerel.	Other Boats.			
—	30 and under.....	1 power driven or hand operated.....	15 G.P.M.....	2″
30 and under.....	Over 30 to 65....	2 (1 power driven, 1 hand operated).....	15 G.P.M. each.....	2″
Over 30 to 65.....	Over 65 to 80....	2 (1 power driven, 1 hand operated).....	30 G.P.M. each.....	2″
Over 65 to 80.....	Over 80 to 100...	2 power driven (1 may be driven by main engine)...	100 G.P.M. total....	2″
Over 80 to 100.....	150.....	2 power driven (1 may be driven by main engine)...	170 G.P.M. total....	2½″

(NOTE.—" G.P.M." means gallons per minute.)

Vir bote met 'n lengte van meer as 100 voet, interpoleer vir inhoudsvermoë waar nodig tot die volgende hoogste halfduim.

Handaangedrewe lenspompe moet vanaf 'n posisie bokant die laswaterlyn bedien kan word.

(2) Lenssuigings en dreineringsmiddels op 'n boot wat in waterdigte afdelings ingedeel is, moet so ingerig word dat enige water wat in enige hoofafdeling mag inloop deur minstens een lenssuiging in elke afdeling geleë, uitgepomp kan word, en alle afdelings in elke hoofafdeling moet ingerig wees om daardie lenssuiging te dreineer.

(3) Lenssuigings en dreineringsmiddels op 'n boot wat nie in waterdigte afdelings ingedeel is nie, moet sodanig ingerig word dat enige water wat in die boot inloop, na minstens een lenssuiging gedreineer kan word.

(4) Lenspypleiding-inrigtings moet sodanig wees dat elkeen van die pompe wat ooreenkomstig paragraaf (1) verskaf word, in staat is om water te trek van elkeen van die lenssuigings waarna in paragrawe (2) en (3) verwys word.

(5) Indien die volgende afdelings nie gebruik word om waterballas te bevat nie, mag hulle soos volg van lensdreineringsinrigtings voorsien word:—

(*a*) In die geval van afdelings wat voor die aanvaringsbeskot geleë is, van 'n handpomp;

(*b*) in die geval van afdelings wat voor die aanvaringsbeskot geleë is op 'n boot wat 'n waterdigte beskot het tussen die aanvarings- en masjinerieruimbeskotte, van 'n handpomp of 'n aftapkraan bevestig aan die aanvaringsbeskot van bokant die hoofdek bedien;

(*c*) in die geval van waterdigte afdelings wat oor die drukasnis steek, van 'n handpomp of 'n selfsluitende aftapkraan wat vanaf die enjinkamer bedien word;

(*d*) in die geval van afdelings wat agter die agterpiekbeskot geleë is, van 'n handpomp of van 'n selfsluitende aftapkraan wat vanaf die enjinkamer of bokant die hoofdek bedien word.

(6) Handpompe wat ooreenkomstig paragraaf (5) voorsien word, moet 'n inhoudsvermoë van minstens 15 gelling per minuut hê en toegerus wees met suigpypleiding met 'n inwendige deursnee van minstens 2 duim. Sulke handpompe moet vanaf 'n posisie bokant die laswaterlyn bedien kan word.

(7) Aftapkrane wat ooreenkomstig paragraaf (5) voorsien is, moet 'n inwendige deursnee van minstens 1½ duim hê en moet te alle tye toeganklik wees.

(8) Kragaangedrewe lenspompe moet self-laaiend wees, of op so 'n wyse geïnstalleer word dat hulle van die see gelaai kan word sonder dat die kimme oorstroom word.

(9) Elke lenssuiging-taklyn, behalwe handpompe met net een suiging, moet toegerus word met 'n afsluitklep wat te alle tye geredelik toeganklik is.

(10) Wanneer 'n lenspomp voorsien is van 'n verbinding met die see, moet 'n terugslagklep wat te alle tye geredelik toegangklik is, tussen die verbinding met die see en die hooflensleiding aangebring word op so 'n wyse dat seewater nie in die kimme kan inloop wanneer die verbinding met die see en die lenskleppe gelyktydig oop is nie.

For boats over 100 feet in length interpolate for capacity where required to the next highest half inch.

Hand bilge pumps shall be capable of being worked from a position above the load water line.

(2) Bilge suctions and means for drainage on a boat which is divided into watertight compartments shall be arranged in such a manner that any water which enters any main compartment can be pumped out through at least one bilge suction situated in each compartment, and all compartments within each main division shall be arranged to drain to that bilge suction.

(3) Bilge suctions and means for drainage on a boat which is not divided into watertight compartments shall be arranged in such a manner that any water which enters the boat is able to drain to at least one bilge suction.

(4) Bilge piping arrangements shall be such that each of the pumps provided in accordance with paragraph (1) shall be able to draw water from each of the bilge suctions referred to in paragraphs (2) and (3).

(5) The following compartments, if not used for carrying water ballast, may be provided with bilge drainage arrangements as follows:—

(*a*) In the case of compartments situated forward of the collision bulkhead, with a manual pump;

(*b*) in the case of compartments situated forward of the collision bulkhead on a boat which has a watertight bulkhead between the collision and machinery space bulkheads, with a manual pump or with a drain cock secured to the collision bulkhead operated from above the main deck;

(*c*) in the case of watertight compartments which overhang the thrust shaft recess, with a manual pump or with a self-closing drain cock operated from the engine-room;

(*d*) in the case of compartments situated aft of the after peak bulkhead, with a manual pump or with a self-closing drain cock operated from the engine-room or from above the main deck.

(6) Manual pumps provided in accordance with paragraph (5), shall have a capacity of at least 15 gallons per minute and shall be fitted with suction piping having an internal diameter of not less than 2 inches. Such manual pumps shall be capable of being operated from a position above the load water line.

(7) Drain cocks provided in accordance with paragraph (5) shall have an international diameter of not less than 1½ inches and shall be accessible at all times.

(8) Power-driven bilge pumps shall be selfpriming or installed in such a manner that they can be primed from the sea without flooding the bilges.

(9) Each bilge suction branch line, except hand pumps with only one suction, shall be fitted with a stop valve which is readily accessible at all times.

(10) Where a bilge pump is fitted with a connection to the sea, a non-return valve which is readily accessible at all times, shall be fitted between the connection to the sea and the bilge main in such a manner that sea water cannot flow into the bilges when the connection to the sea and the bilge valves are open at the same time.

(11) Lenssuigings moet oor die algemeen voorsien wees van siwwe, en die oppervlaktes van die openings deur sulke siwwe mag nie minder wees as twee keer die dwarsdeursnee-oppervlakte van die lenspyp nie.

(12) In 'n boot wat met steenkool gestook word, moet 'n stuk buigbare suigslang met geskikte skroefverbinding na die vullingslyn van die masjinerieruim verskaf word sodat die enjin- en stoomketelruim-vullings gepomp kan word indien die suigsif verstop sou raak. Die verbinding op die vullingslyn moet voorsien word van 'n gevoegde metaaldop.

108. BRANDSTOFTENKS.

(1) 'n Brandstoftenk wat van die romp geskei is, moet aan die volgende vereistes voldoen:—

(*a*) Dit moet van staal of 'n ander geskikte materiaal wees met 'n minimum dikte soos volg:—

Inhoudsvermoë van tenk in gellings.	Minimum dikte in duime.
300 en minder.....	$\frac{1}{8}$" [onderworpe aan die bepalings van subparagraaf (*b*)].
Oor 300 maar nie oor 1,000 nie	$\frac{3}{16}$"
Oor 1,000.....	$\frac{1}{4}$"

(*b*) Indien die inhoudsvermoë van die brandstoftenk nie meer as 25 gellings is nie, mag die materiaal minder as $\frac{1}{8}$ste duim dik wees: Met die voorbehoud dat indien sodanige tenk vir petrol gebruik gaan word en van materiaal is wat minder as $\frac{1}{8}$ste duim dik is en nie roesweerstanend is nie, dit na voltooiing binnekant en buitekant deur middel van die warmdompelstelsel gegalvaniseer moet word.

(*c*) Tenks met 'n inhoudsvermoë groter as 25 gelling moet soos volg van verstywings voorsien word:—

Dikte van tenkbepaling in duime.	Maksimum ongesteunde plat oppervlakte-gebied in vk. vt.
$\frac{1}{8}$".....	3
$\frac{3}{16}$".....	6
$\frac{1}{4}$".....	9
$\frac{5}{16}$".....	12

Vir ander diktes van beplating moet die toelaatbare ongesteunde plat oppervlakte deur interpolasie verkry word.

(*d*) Indien die opnemer dit nodig ag, moet brandplate aan die binnekant van tenks aangebring word.

(*e*) 'n Brandstoftenk met 'n inhoudsvermoë van meer as 300 gelling maar nie meer as 1,000 gelling nie, moet voorsien word van 'n doeltreffende deur vir skoonmaakdoeleindes. In tenks met 'n inhoudsvermoë van meer as 1,000 gelling moet 'n mangatdeksel aangebring word.

(*f*) Nate moet gesweis, hardgesoldeer of dubbelgeklink word.

(*g*) Alle brandstoftenks moet by voltooiing met hidroliese druk getoets word tot 'n drukhoogte nie minder as die maksimum drukhoogte waaraan die tenk onderwerp kan word nie, of 8 voet drukhoogte bo die bokant van die tenk, wat ookal die grootste is.

(2) Waar die inhoudsvermoë van 'n brandstoftenk meer as 25 gelling is, moet dit van die volgende voorsien word:—

(*a*) 'n Vulpyp met 'n inwendige deursnee van minstens $1\frac{1}{2}$ duim, wat na die dek wat aan wind en weer blootgestel is, lei en waarvan die verbinding deur die dek waterdig is. Die pyp moet voorsien word van 'n koperskroefprop of -dop en buigbaar genoeg wees;

(*b*) 'n lugpyp met minstens dieselfde deursnee as die vulpyp, wat van die bokant van die tenk na 'n veilige hoogte en ligging bokant die dek wat aan wind en weer blootgestel is en weg van alle openings in die romp of dekhuis lei, met die ent van die pyp bedek met draadgaas en afgedraai met 'n hoek van 180 grade, terwyl die dekverbinding waterdig is.

(11) Bilge suctions shall generally be fitted with strainers, and the areas of openings of such strainers shall not be less than twice the cross sectional area of the bilge pipe.

(12) In a coal-fired boat a length of flexible suction hose, with suitable screwed connection to the machinery space bilge line, shall be supplied, in order that the engine and boiler space bilges may be pumped in the event of the suction strainer becoming choked. The connection on the bilge line shall be fitted with a jointed metal cap.

108. FUEL TANKS.

(1) A fuel tank which is separate from the hull, shall comply with the following requirements:—

(*a*) It shall be constructed of steel or other suitable material having a minimum thickness as follows:—

Capacity of Tank in Gallons.	Minimum Thickness in Inches.
300 and under.....	$\frac{1}{8}$" [subject to the provisions of sub-paragraph (*b*)].
Over 300 but not over 1,000....	$\frac{3}{16}$"
Over 1,000.....	$\frac{1}{4}$"

(*b*) Where the capacity of the fuel tank is not over 25 gallons, the material may be less than $\frac{1}{8}$-inch in thickness: Provided that if such a tank is to be used for petrol and is of material less than $\frac{1}{8}$-inch in thickness and is not corrosion-resistant, it shall be galvanised inside and outside by the hot dipped process after construction is completed.

(*c*) Tanks of capacity in excess of 25 gallons shall be fitted with stiffeners as follows:—

Thickness of Tank Plating in Inches.	Maximum Unsupported Flat Surface Area in Square Feet.
$\frac{1}{8}$.....	3
$\frac{3}{16}$.....	6
$\frac{1}{4}$".....	9
$\frac{5}{16}$".....	12

For other thicknesses of plating the unsupported flat surface allowed shall be obtained by interpolation.

(*d*) If the surveyor considers it necessary, baffle plates shall be fitted inside tanks.

(*e*) A fuel tank having a capacity of more than 300 gallons but not more than 1,000 gallons shall be fitted with a suitable door for purposes of cleaning. For tanks having a capacity of more than 1,000 gallons, a manhole door shall be fitted.

(*f*) Seams shall be welded, brazed or double riveted.

(*g*) All fuel tanks shall on completion be tested by hydraulic pressure to a head not less than the maximum head to which the tank can be subjected, or 8 feet head above the top of the tank, whichever is the greater.

(2) Where the capacity of a fuel tank is more than 25 gallons, it shall be provided with the following:—

(*a*) a filling pipe of at least $1\frac{1}{2}$ inches internal diameter leading to the weather-deck, the connection through the deck being watertight. The pipe shall be fitted with a screwed brass plug or cap, and shall be suitably flexible;

(*b*) a vent pipe of at least the same diameter as the filling pipe leading from the top of the tank to a safe height and location above the weatherdeck and clear of all openings into the hull or deck house, the end of the pipe being covered with wire gauze and turned down through an angle of 180 degrees, the deck connection being watertight.

(3) Elke brandstoftenk moet voorsien word van doeltreffende middels om die stand van die brandstof te bepaal. Ronde glas buisvormige oliestandmeters moet nie in brandstoftenks aangebring word nie.

(4) Elke brandstoftenk moet in 'n posisie aangebring word wat ver verwyder is van verhitte oppervlaktes.

(5) Brandstoftenks wat nie apart is van die romp nie word as 'n deel van die romp geag, met inagneming van die sterkte-vereistes van die boot en die moontlikheid van besmetting van oliebrandstof met water, maar die konstruksie- en toetsstandaarde moet nie minder wees as dié wat vereis word vir tenks wat apart van die romp is nie.

109. ONDERWATERTOERUSTING.

(1) Kleppe of krane moet aan alle suig- en afvoerpype wat onderkant die dek wat aan wind en weer blootgestel is deur die romp gaan, aangebring word. Sulke kleppe en krane moet so na aan die romp as moontlik aangebring word.

(2) Suig- en afvoerkleppe en -krane aan 'n staalboot moet aan die romp of aan die beplating van gefabriseerde waterkaste geheg word deur middel van—

(*a*) boute, met versonke koppe, wat deur die beplatings geklop word; of

(*b*) tapboute wat in swaar staalblokke geskroef word wat aan die beplating gesweis of geklink word, maar nie deur die beplating dring nie;

en sulke kleppe of krane moet van tappe voorsien word wat deur die beplating gaan.

(3) Suig- en afvoerkleppe en krane aan 'n houtboot moet deur enige middel wat deur die opnemer goekgekeur word, aan die romp geheg word.

(4) Uitblaaskleppe of -krane aan die kant van die boot moet in 'n toeganklike posisie aangebring word en moet op so 'n wyse gerangskik word dat daar geredelik gesien kan word of hulle oop of toe is; die handvatsels mag nie verwyderbaar wees nie tensy die kleppe of krane gesluit is.

KONSTRUKSIE VAN ROMPE.

110. BESKOTTE.

(1) Die spasiëring van waterdigte beskotte moet tot bevrediging van die opnemer wees, met inagneming van die grootte, tipe en konstruksie van die boot en die dienste waarvoor dit bedoel is.

(2) Openings in waterdigte beskotte moet geskikte waterdigte deure of ander sluitmiddels bevat wat te alle tye geredelik en vinnig aangewend kan word. Sodanige sluitmiddels moet sterk genoeg en nousluitend wees tot bevrediging van die opnemer.

(3) Alle waterdigte beskotte moet so verstyf word dat die opnemer dit goedkeur. Besondere aandag moet bestee word aan beskotte van visruime in 'n boot wat van hout gebou is, in welke geval 'n stelsel van horisontale en vertikale verstywings gewoonlik wenslik is.

(4) Waterdigte beskotte moet met die brandslang getoets word na voltooiing van die konstruksie van die beskotte.

111. LUIKE.

(1) Die afmetings van luiklaaihoofde, -skilde en -laaihoofluike moet nie minder as die volgende wees nie:—

(*a*) *Gewone laaihoofluike.*

Ongesteunde lengte.	Dikte.	Landing op laaihoofde.
3′ 0″	1½″	1½″
3′ 6″	1¾″	1½″
4′ 0″	2″	2″
4′ 6″	2¼″	2″
5′ 0″	2½″	2″
5′ 6″	2⅝″	2½″
6′ 0″	2¾″	2½″

(3) Each fuel tank shall be provided with suitable means for ascertaining the level of the fuel. Round glass tubular oil level gauges shall not be fitted to fuel tanks.

(4) Every fuel tank shall be fitted in a position remote from heated surfaces.

(5) Fuel tanks which are not separate from the hull shall be considered as part of the hull, taking into consideration the strength requirements of the boat and the possibility of contamination of oil fuel with water, but the standards of construction and testing shall not be less than those required for tanks which are separate from the hull.

109. UNDERWATER FITTINGS.

(1) Valves or cocks shall be fitted to all suction and discharge pipes which pass through the hull below the weatherdeck. Such valves or cocks shall be fitted as close to the hull as possible.

(2) Suction and discharge valves and cocks on a steel boat shall be attached to the hull or to the plating of fabricated water boxes by—

(*a*) bolts, with countersunk heads, tapped through the platings, or

(*b*) studs which are screwed into heavy steel pads welded or riveted to the plating, but not penetrating the plating,

and such valves or cocks shall be fitted with spigots passing through the plating.

(3) Suction and discharge valves and cocks on a wooden boat shall be attached to the hull by any means approved by the surveyor.

(4) Blow-down valves or cocks on the boat's side shall be fitted in an accessible position and shall be arranged in such a manner that it can be readily seen whether they are open or shut; the handles shall not be capable of being removed unless the valves or cocks are shut.

CONSTRUCTION OF HULLS.

110. BULKHEADS.

(1) The spacing of watertight bulkheads shall be to the satisfaction of the surveyor, having regard to the size, type and construction of the boat and to the duties for which it is intended.

(2) Openings in watertight bulkheads shall have suitable watertight doors or other means of closing which can at all times be readily and quickly applied. Such closing appliances shall be of ample strength and shall be close-fitting to the satisfaction of the surveyor.

(3) All watertight bulkheads shall be suitably stiffened to the satisfaction of the surveyor. Particular attention shall be paid to bulkheads of fish holds in a boat of wooden construction, in which case a system of horizontal and vertical stiffening is generally desirable.

(4) Watertight bulkheads shall be hose-tested after completion of the construction of the bulkheads.

111. HATCHES.

(1) Scantlings of hatch coamings, beams, and covers shall not be less than the following:—

(*a*) *Normal Hatch Covers.*

Unsupported Length.	Thickness.	Landing on Coamings.
3′ 0″	1½″	1½″
3′ 6″	1¾″	1½″
4′ 0″	2″	2″
4′ 6″	2¼″	2″
5′ 0″	2½″	2″
5′ 6″	2⅝″	2½″
6′ 0″	2¾″	2½″

(*b*) Die afmetings van reghoekige dwarsdeursnee-luikskilde of langsmerkels met uitsondering van tong (indien aangebring) moet gelykstaande wees aan die volgende vir luikopenings tot 10 vt. × 12 dm.

Grootte van luikopening.	Grootte van skild of langsmerkel in die middel.
6′ 6″ × 7′ 0″	5″ × 7″ Vertikaal.
7′ 0″ × 7′ 0″	5½″ × 7″ Vertikaal.
7′ 0″ × 8′ 0″	5½″ × 8″ Vertikaal.
7′ 0″ × 9′ 0″	6″ × 8½″ Vertikaal.
8′ 0″ × 9′ 0″	6″ × 9″ Vertikaal.
8′ 0″ × 10′ 0″	7″ × 9½″ Vertikaal.
9′ 0″ × 9′ 0″	7″ × 9″ Vertikaal.
9′ 0″ × 10′ 0″	7″ × 10″ Vertikaal.
10′ 0″ × 10′ 0″	7″ × 10½″ Vertikaal.
10′ 0″ × 11′ 0″	7½″ × 11″ Vertikaal.
10′ 0″ × 12′ 0″	7½″ × 12″ Vertikaal.

Die minimumdraagvlak wat aan die ente van luikskilde of langsmerkels vereis word, is 3 duim.

(*c*) *Luiklaaihoofde.*

Maksimum lengte van eind- en syhoofplate.	Hoogte van laaihoof bo dek.	Dikte van laaihoof by dek.	
		Hout.	Staal.
3′ 0″	12″ 15″ 18″	3″ 3″ 3″	¼″ ¼″ ¼″
4′ 0″	12″ 15″ 18″	3″ 3″ 3″	¼″ ¼″ ¼″
5′ 0″	12″ 15″ 18″	3″ 3¼″ 3½″	¼″ ¼″ ¼″
6′ 0″	12″ 15″ 18″ 21″ 24″	3″ 3¼″ 3½″ 3¾″ 4″	¼″ ¼″ ¼″ ¼″ ¼″
7′ 0″	12″ 15″ 18″ 21″ 24″	3″ 3¼″ 3½″ 3¾″ 4″	¼″ ¼″ 5/16″ 5/16″ 5/16″
8′ 0″	12″ 15″ 18″ 21″ 24″	3″ 3¼″ 3½″ 3¾″ 4″	5/16″ 5/16″ 5/16″ 5/16″ 5/16″
9′ 0″	12″ 15″ 18″ 21″ 24″	4″ 4¼″ 4½″ 4¾″ 5″	5/16″ 5/16″ 5/16″ ⅜″ ⅜″
10′ 0″	12″ 15″ 18″ 21″ 24″	5¼″ 5½″ 6″ 6¼″ 6½″	⅜″ ⅜″ ⅜″ ⅜″ ⅜″

Halfskilde by luike, luikeindskilde, klamaaie, opgesette knieë, liggende knieë en stutte, moet sterk genoeg en behoorlik gerangskik wees.

(2) Luike moet voorsien word van doeltreffende middels om hulle vas te keg.

(3) Spoeldek-poortdeksels moet stewig van staal of brons met skroef- of bajonetverbindings gebou en deur middel van 'n permanente ketting bevestig of vasgekeg word.

112. DEURE, DREMPELS, PATRYSPOORTE EN NOODLUIKE.

(1) Die drempels van deure wat toegang verleen na die hoofromp moet 'n minimum hoogte van 12 duim hê, maar deure wat bo-op enige bobou-dekhuis of verhoogde bak geleë is, mag drempels hê van nie minder as 6 duim hoog nie.

(*b*) The scantlings of rectangular cross section hatch beams or fore-and-afters exclusive of tongue (if fitted) shall be equivalent to the following for hatch openings up to 10 feet by 12 inches.

Size of Hatch Opening.	Size of Beam or Fore-and-after at Centre.
6′ 6″ × 7′ 0″	5″ × 7″ Vertical.
7′ 0″ × 7′ 0″	5½″ × 7″ Vertical.
7′ 0″ × 8′ 0″	5½″ × 8″ Vertical.
7′ 0″ × 9′ 0″	6″ × 8½″ Vertical.
8′ 0″ × 9′ 0″	6″ × 9″ Vertical.
8′ 0″ × 10′ 0″	7″ × 9½″ Vertical.
9′ 0″ × 9′ 0″	7″ × 9″ Vertical.
9′ 0″ × 10′ 0″	7″ × 10″ Vertical.
10′ 0″ × 10′ 0″	7″ × 10½″ Vertical.
10′ 0″ × 11′ 0″	7½″ × 11″ Vertical.
10′ 0″ × 12′ 0″	7½″ × 12″ Vertical.

The minimum bearing required at the ends of hatch beams of fore-and-afters is 3 inches.

(*c*) *Hatch Coamings.*

Maximum Length of Coaming Side or End.	Height of Coaming above Deck.	Thickness of Coaming at Deck.	
		Wood.	Steel.
3′ 0″	12″ 15″ 18″	3″ 3″ 3″	¼″ ¼″ ¼″
4′ 0″	12″ 15″ 18″	3″ 3″ 3″	¼″ ¼″ ¼″
5′ 0″	12″ 15″ 18″	3″ 3¼″ 3½″	¼″ ¼″ ¼″
6′ 0″	12″ 15″ 18″ 21″ 24″	3″ 3¼″ 3½″ 3¾″ 4″	¼″ ¼″ ¼″ ¼″ ¼″
7′ 0″	12″ 15″ 18″ 21″ 24″	3″ 3¼″ 3½″ 3¾″ 4″	¼″ ¼″ 5/16″ 5/16″ 5/16″
8′ 0″	12″ 15″ 18″ 21″ 24″	3″ 3¼″ 3½″ 3¾″ 4″	5/16″ 5/16″ 5/16″ 5/16″ 5/16″
9′ 0″	12″ 15″ 18″ 21″ 24″	4″ 4¼″ 4½″ 4¾″ 5″	5/16″ 5/16″ 5/16″ ⅜″ ⅜″
10′ 0″	12″ 15″ 18″ 21″ 24″	5¼″ 5½″ 6″ 6¼″ 6½″	⅜″ ⅜″ ⅜″ ⅜″ ⅜″

Half beams in way of hatches, hatch end beams, carlings, hanging knees, lodging knees, and pillars, shall be of ample strength and suitably arranged.

(2) Hatchways shall be provided with efficient means of battening down.

(3) Flush deck scuttles shall be of substantial steel or bronze construction with screw or bayonet joints and shall be secured or attached by a permanent chain.

112. DOORS, SILLS, SIDE SCUTTLES AND ESCAPE HATCHES.

(1) The sills of doors giving access to the main hull shall have a minimum height of 12 inches, but doors situated on top of any superstructure deck house, or raised forecastle, may have sills of not less than 6 inches in height.

(2) Onderhewig aan die bepalings van paragraaf (3), moet patryspoorte wat onderkant die dek wat aan wind en weer blootgestel is, geleë is, toegerus word met doeltreffende blinde ligte.

(3) Die bepalings van paragraaf (2) is nie van toepassing op patryspoorte of vensters waarvan die vensterbanke meer as 8 voet 6 duim. bokant die dek wat aan wind en weer blootgestel is, is nie, ook nie op enige patryspoort of venster indien die opnemer, weens die aard van die reis van die boot, sodanige bepalings onnodig ag nie.

(4) Deure wat toegang verleen na die hoofromp moet sterk gebou en aan stewige skarniere gehang word, en sluitinrigtings moet sodanig wees dat 'n deur van albei kante oopgemaak kan word.

(5) Waar die toegang na die bemanningsruim deur die enjinkamer gaan, moet 'n noodluik van sodanige ruim na die oop dek aangebring word.

113. VERSKANSINGS.

(1) Onderhewig aan die bepalings van paragrawe (2) en (3), moet verskansings, relings, kettings, draadtoue of enige kombinasie daarvan, rondom die dek wat aan wind en weer blootgestel is, minstens 30 duim bokant daardie dek, aangebring word.

(2) Indien die opnemer van mening is dat die verskansings, relings, kettings en draadtoue in paragraaf (1) genoem, die visvangbedrywighede van die boot sal benadele, mag hy toelaat dat daarmee weggedoen word.

(3) Die verskansings, relings, kettings en draadtoue in paragraaf (1) genoem, mag minder as 30 duim hoog wees by dekhuise indien doeltreffende handrelings aan die kante van sulke dekhuise aangebring word.

(4) Waterafvoerpoorte moet voldoende wees vir die doeltreffende dreinering van water op die dek en moet doeltreffend geleë wees. Met verskansings van hout moet die oppervlakte van waterafvoerpoorte nie minder wees as die ekwivalent van 'n deurlopende 1½ duim gaping aan elke kant van die boot nie. In staalverskansings moet die oppervlakte van waterafvoerpoorte nie minder wees as die ekwivalent van 'n appervlakte van 1 vierkant voet per 6 voet lengte verskansing nie. Voornoemde oppervlaktes is in verhouding met 'n verskansingshoogte van 30 duim en moet paslik vermeerder word vir groter hoogtes.

114. VENTILASIE.

(1) Ventileerders moet voldoende in getal en grootte wees om genoegsame ventilasie te verskaf vir alle ruimtes wat volgens die opnemer se mening ventilasie nodig het.

(2) Bemanningslaapruimtes op 'n boot moet van inlaat- en uitlaatventileerders voorsien word wat voldoende is om 3 vierkante duim inlaatoppervlakte en 3 vierkante duim uitlaatoppervlakte vir elke bemanningslid wat daardie ruimtes vir slaapdoeleindes gebruik, te verskaf.

(3) Om die gevaar van brand te vermy, moet spesiale aandag geskenk word aan die posisie en ventilasie van batterye.

115. SKROEFASKUSSINGBLOKKE.

Skroefaskussingblokinrigtings moet bestaan uit—

(*a*) 'n skroefaskussingblok van minstens drie en 'n halwe asdeursnee in die lengte;

(*b*) 'n drukstuk wat binne die boot geleë is; en

(*c*) 'n waterdigte buis wat tussen die kussingblok en die drukstuk aangebring is.

116. TOETS VAN WATERDIGTE AFDELINGS.

(1) Die beskotte van 'n boot wat van hout gebou is, moet voordat die skip te water gelaat word, tot bevrediging van die opnemer getoets word deur slangdruk of ander geskikte middels: Met die voorbehoud dat hierdie vereiste slegs van toepassing is op beskotte wat bedoel is om waterdig te wees.

(2) Subject to the provisions of paragraph (3), side scuttles fitted below the weatherdeck shall be fitted with efficient deadlights.

(3) The provisions of paragraph (2) shall not apply to side scuttles or windows, the sills of which are more than 8 feet 6 inches above the weatherdeck, nor to any side scuttle or window when due to the nature of the voyage of the boat, the surveyor considers such provisions unnecessary.

(4) Doors giving access to the main hull shall be strongly constructed and hung on substantial hinges, and locking arrangements shall be such that a door can be opened from either side.

(5) Where entrance to the crew space is by way of the engine room, an escape hatch shall be fitted from such space to the open deck.

113. BULWARKS.

(1) Subject to the provisions of paragraphs (2) and (3), bulwarks, rails, chains, wire ropes, or any combination thereof, shall be fitted around the weather deck, at least 30 inches in height above that deck.

(2) If the surveyor considers that the bulwarks, rails, chains and wire ropes mentioned in paragraph (1) would interfere with the fishing operations of the boat, he may allow them to be dispensed with.

(3) The bulwarks, rails, chains and wire ropes mentioned in paragraph (1), may be less than 30 inches in height in way of deckhouses if suitable handrails are fitted on the sides of such deckhouses.

(4) Freeing ports shall be sufficient for the purpose of efficient drainage of water on deck, and shall be suitably situated. With bulwarks of wood construction the area of freeing ports shall not be less than the equivalent of a continuous 1½ inch gap on each side of the boat. In steel bulwarks the area of freeing ports shall not be less than the equivalent of an area of 1 square foot per 6 feet length of bulwark. The aforesaid areas are in association with a bulwark height of 30 inches, and shall be suitably increased for greater heights.

114. VENTILATION.

(1) Ventilators shall be sufficient in number and size to provide adequate ventilation for all spaces which, in the opinion of the surveyor, require ventilation.

(2) Crew sleeping spaces on a boat shall be provided with inlet and exhaust ventilators sufficient to provide 3 square inches inlet area and 3 square inches outlet area for each member of the crew using those spaces for sleeping purposes.

(3) To avoid risk of fire, special attention shall be paid to the position and ventilation of batteries.

115. STERN BEARINGS.

Stern bearing assemblies shall consist of—

(*a*) a stern bearing of not less than three and one half shaft diameters in length;

(*b*) a gland situated inside the boat; and

(*c*) a watertight tube fitted between the bearing and the gland.

116. TESTING OF WATERTIGHT COMPARTMENTS.

(1) The bulkheads of a wooden boat shall before the boat is launched, be tested to the satisfaction of the surveyor, by hose pressure or other suitable means: Provided that this requirement shall apply only to bulkheads which are intended to be watertight.

(2) Voordat 'n boot van staal te water gelaat word, moet die afdelings in die hoofromp, voordat daar met enige binding begin word, soos volg aan slang- of druktoetse onderwerp word:—

(*a*) Dubbele bodems wat nie vir die vervoer van olie gebruik word nie moet getoets word tot by 'n waterdrukhoogte gelykstaande aan die maksimum drukhoogte wat in diens verwag kan word;

(*b*) diep tenks en piektenks gebruik vir die vervoer van water, en diep tenks en dubbele-bodemtenks ingerig vir die vervoer van oliebrandstof, moet getoets word tot by 'n waterdrukhoogte gelykstaande aan die maksimum drukhoogte waaraan die tenks in gebruik onderwerp kan word, maar nie minder as agt voet bokant die toppunte van die tenks waar die holte ooreenkomstig die mal tot die sterktedek meer as 16 voet is, en drie voet waar die holte ooreenkomstig die mal hoogstens 10 voet is, intermediêre drukhoogtes kan deur interpolasie verkry word;

(*c*) piekbeskotte wat nie die grense van tenks vorm nie moet getoets word deur die pieke met water te vul;

(*d*) waterdigte beskotte, met inbegrip van nisse en waterdigte vlakke, waterdigte tonnels, dekke beskut teen wind en weer en waterlope, moet met 'n slang getoets word; die druk van die water in die slang mag nie minder as 30 pond per vierkant duim wees nie; en

(*e*) waterdigte deure moet onder werkstoestande op die proef gestel word en met 'n slang getoets word; die druk in die slang mag nie minder as 30 pond per vierkant duim wees nie.

117. Ankers en kabels.

(1) Elke boot van 25 bruto-registerton of meer moet minstens twee ankers hê, een met 'n gewig van nie minder as dié wat van die volgende tabel verkry word nie, en een met 'n gewig van minstens twee-derdes van dié wat van daardie tabel verkry word:—

Lengte van boot in voet.	Gewig van anker in ponde.	Minimum grootte van ketting, in duim.	Getal 15 vademlengtes.
10 tot 20.....	50	5/16	1
Oor 20 tot 40.....	110	3/8	2
Oor 40 tot 60.....	150	7/16	4
Oor 60 tot 80.....	180	1/2	6

(2) Elke boot van minder as 25 bruto-registerton moet een anker hê met 'n gewig van nie minder as dié wat van die tabel wat in paragraaf (1) verskyn, verkry word nie.

(3) Elke boot moet ankerkabels ooreenkomstig die tabel wat in paragraaf (1) verskyn, hê: Met dien verstande dat bote van 10 tot 20 voet in lengte manillatou of draadtou van gelyke sterkte kan hê in plaas van ankerkettings.

118. Alternatiewe stuurinrigtings.

Alle bote moet voorsien word van alternatiewe stuurmiddels geskik vir hulle grootte en die tipe inrigting wat gebruik word. In die geval van klein bote kan die alternatiewe stuurinrigtings bestaan uit 'n verlenging na die roerkoning met 'n vierkantige endpunt, in verbinding met 'n spaar roerpen. Die dekverbinding moet waterdig gemaak word.

HOOFSTUK III.—PERIODIEKE ONDERSOEKE.

119. Algemeen.

Die romp, stoomketel, masjinerie en toerusting van 'n boot moet ondersoek word met die tussenposes en op die wyse wat in regulasies 120 tot en met 134 uiteengesit word.

(2) Before a steel boat is launched, the compartments within the main hull shall, before any cementing is commenced, be subjected to hose or pressure tests as follows:—

(*a*) Double bottoms which are not to be used for the carrying of oil, shall be tested to a head of water equal to the maximum head which can be expected in service;

(*b*) deep tanks and peak tanks used for carrying water, and deep tanks and double bottom tanks arranged for carrying oil fuel, shall be tested to a head of water equal to the maximum head to which the tanks can be subjected in service, but not less than 8 feet above the crowns of the tanks where the moulded depth to the strength deck exceeds 16 feet, and 3 feet where the moulded depth does not exceed 10 feet, intermediate heads may be obtained by interpolation;

(*c*) peak bulkheads which do not form the boundaries of tanks, shall be tested by filling the peaks with water;

(*d*) watertight bulkheads, including recesses and watertight flats, watertight tunnels, weather decks and waterways, shall be hose tested; the pressure of water in the hose shall not be less than 30 pounds per square inch; and

(*e*) watertight doors shall be tried under working conditions and hose tested; the pressure in the hose shall be not less than 30 pounds per square inch.

117. Anchors and Cables.

(1) Every boat of 25 gross register tons or over shall carry at least two anchors, one of a weight not less than that derived from the following table, and one of a weight not less than two-thirds of that derived from that table.

Length of Boat in Feet.	Weight of Anchor in Pounds.	Minimum Size of Chain in Inches.	Number of 15 Fathom Lengths.
10 to 20.....	50	5/16	1
Over 20 to 40....	110	3/8	2
Over 40 to 60....	150	7/16	4
Over 60 to 80....	180	1/2	6

(2) Every boat of less than 25 gross register tons shall carry one anchor of a weight not less than that derived from the table appearing in paragraph (1).

(3) Every boat shall carry anchor cable in accordance with the table appearing in paragraph (1): Provided that boats of 10 to 20 feet in length may carry manila rope or wire rope of equivalent strength in lieu of chain cable.

118. Alternative Steering Arrangements.

All boats shall be provided with alternative means of steering suitable to their size and the type of gear used. In the case of small boats, the alternative steering arrangements may consist of an extension to the rudder stock with a square end, in combination with a spare tiller. The deck connection shall be made watertight.

CHAPTER III.—PERIODIC SURVEYS.

119. General.

The hull, boiler, machinery and equipment of a boat shall be surveyed at the intervals and in the manner set forth in regulations 120 to 134 inclusive.

120. STOOMKETELS WAT VOLLEDIG INWENDIG ONDERSOEK KAN WORD.

(1) 'n Stoomketel wat volledig inwending ondersoek kan word, moet voordat die ondersoek begin, heeltemal daarvoor geopen word en alle dele moet deeglik skoongemaak word tot bevrediging van die opnemer. Stoomketelmonterings moet oopgemaak en skoongemaak word en alle kleppe moet geslyp word, soos nodig mag wees. Enige deel wat verhoed dat die stoomketel behoorlik ondersoek word, moet verwyder word en die stoomketel moet gelig word indien die opnemer 'n verdere ondersoek van die bodem daarvan nodig ag. Bekleding moet verwyder word indien die opnemer dit nodig ag.

(2) Die stoomketel moet hidrolies getoets word tot $1\frac{1}{2}\times$ werkdruk met tussenpose van nie meer as vier jaar nie; met dien verstande dat indien groot herstellings aan die stoomketel uitgevoer word, dit so getoets moet word onmiddellik nadat sodanige reparasies voltooi is.

(3) Waar stoom in 'n ketel ontwikkel word na 'n ondersoek, moet die veiligheidskleppe in die teenwoordigheid van die opnemer tot by die toegewysde druk gestel word en die opnemer moet verseker dat middels aangebring word om te verhoed dat daar later bemoeiing met die verstelling plaasvind. Die toegewysde druk moet deur die opnemer bepaal word wat die ontwerpdruk en die algemene toestand van die stoomketel in aanmerking moet neem. Indien die opnemer dit verlang, moet enige reparasies voltooi word voordat die druk toegewys word.

121. STOOMKETELS WAT NIE VOLLEDIG INWENDIG ONDERSOEK KAN WORD NIE.

Stoomketels wat nie volledig inwendig ondersoek kan word nie moet behandel word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 120: Met dien verstande dat sulke stoomketels by elke jaarlikse ondersoek in die teenwoordigheid van die opnemer, hidrolies getoets moet word tot $1\frac{1}{2}\times$ werkdruk.

122. STOOMPYPE.

(1) Onderhewig aan die bepalings van paragrawe (2) en (3), moet hoofstoompype en hulpstoompype met 'n inwendige deursnee van meer as 3 duim met die volgende tussenposes in die teenwoordigheid van die opnemer met hidroliese druk getoets word tot twee keer die werkspanning:—

(*a*) Pype van yster, staal of soliedgetrokke koper—elke ses jaar.

(*b*) koperpype met hardgesoldeerde langsnate—elke vier jaar.

(2) Ten tye van die toetse voorgeskryf in paragraaf (1) of te eniger ander tyd indien dit nodig geag word, moet die opnemer die pype noukeurig ondersoek, en enige pyp moet te eniger tyd verwyder word en hidrolies getoets word indien daar rede is om te meen dat sy toestand nie bevredigend is nie.

(3) Indien die opnemer dit nodig ag, moet koperpype uitgegloei word, en dit moet gewoonlik ten tye van die hilroliese toets gedoen word.

123. STOOMAANGEDREWE ENJINS EN HULPENJINS.

(1) Stoomaangedrewe enjins en hulpenjins moet elke twee jaar heeltemal oopgemaak word vir ondersoek: Met dien verstande dat in die geval van 'n boot met 'n dubbele skroef, een enjin elke jaar oopgemaak kan word. Alle suiers, silinders, skuifkleppe, kussingblokke en aste, moet vir ondersoek beskikbaar wees, en indien die opnemer dit nodig ag, moet die bedekkings van pompe, klepkaste, kondensators, verdampers, voedingsverhitters, suiweraars, brandstoftenks en ander kleppe verwyder word.

(2) Met elke jaarlikse ondersoek moet alle hoof- en hulpmasjinerie noodsaaklik vir die veilige werking van die boot, waar moontlik aan 'n proefwerking onderwerp word wat deur die opnemer bygewoon moet word en moet hy besluit of die masjinerie en stoomketels in 'n bevredigende toestand is.

120. BOILERS WHICH PERMIT OF A FULL INTERNAL EXAMINATION.

(1) A boiler which permits of a full internal examination shall before survey commences, be completely opened out for survey, and all parts shall be thoroughly cleaned to the satisfaction of the surveyor. Boiler mountings shall be opened out and cleaned and all valves ground in, as may be necessary. Any part which prevents proper examination of the boiler, shall be removed, and the boiler shall be lifted if the surveyor considers a further examination of the underside thereof necessary. Lagging shall be removed if the surveyor considers it necessary.

(2) The boiler shall be hydraulically tested to $1\frac{1}{2}\times$ working pressure at intervals not exceeding four years: Provided that if major repairs are effected to the boiler, it shall be so tested immediately upon completion of such repairs.

(3) When steam is raised in a boiler after survey, the safety valves shall in the presence of the surveyor, be set to the assigned pressure, and the surveyor shall ensure that means are provided to prevent subsequent tampering with the adjustment of the valves. The assigned pressure shall be decided by the surveyor who shall bear the designed pressure and the general condition of the boiler in mind. If the surveyor requires it, any repairs shall be completed before the pressure is assigned.

121. BOILERS WHICH DO NOT PERMIT OF A FULL INTERNAL EXAMINATION.

Boilers which do not permit of a full internal examination, shall be dealt with in accordance with the provisions of regulation 120: Provided that such boilers shall, in the presence of the surveyor, be hydraulically tested to $1\frac{1}{2}\times$ working pressure at every annual survey.

122. STEAM PIPES.

(1) Subject to the provisions of paragraphs (2) and (3), main steam pipes and auxiliary steam pipes with an internal diameter of over 3 inches, shall in the presence of the surveyor, be tested by hydraulic pressure to twice the working pressure at the following intervals:—

(*a*) Pipes of iron, steel, or solid drawn copper—every six years;

(*b*) copper pipes having brazed longitudinal seams—every four years.

(2) At the time of the tests prescribed in paragraph (1) or at any other time if it is deemed necessary, the surveyor shall examine the pipes thoroughly, and any pipe shall be removed and hydraulically tested at any time if there is reason to believe that is condition is unsatisfactory.

(3) If the surveyor considers it necessary, copper pipes shall be annealed, and this shall generally be done at the time of the hydraulic test.

123. STEAM PROPULSION ENGINES AND AUXILIARIES.

(1) Steam propulsion engines and auxiliaries shall every two years be completely opened up for survey: Provided that in the case of a twin-screw boat, one engine may be opened up each year. All pistons, cylinders, slide valves, bearings and shafts, shall be available for examination, and if considered necessary by the surveyor, the covers of pumps, valve chests, condensers, evaporators, feed heaters, filters, fuel tanks, and other valves, shall be removed.

(2) At each annual survey, a running trial shall when possible, be held on all main and auxiliary machinery essential to the safe operation of the boat, and shall be witnessed by the surveyor, who shall decide whether the machinery and boilers are in a satisfactory condition.

124. HOOF- EN HULPMASJINERIE VAN 'N BOOT MET 'N LENGTE VAN HOOGSTENS 70 VOET.

(1) Die hoof- en hulpmasjinerie van 'n boot hoogstens 70 voet in lengte en aangedrewe deur binnebrandmasjinerie, word nie normaalweg vereis om vir ondersoek geopen te word nie, behalwe vir die periodieke hidroliese toets van lughouers soos in regulasie 126 voorgeskryf.

(2) Met elke jaarlikse ondersoek moet 'n proefwerking van die masjinerie deur die opnemer bygewoon word en moet hy besluit of enige reparasies nodig is, en kan hy vereis dat enige deel vir ondersoek oopgemaak word.

125. HOOF- EN HULPMASJINERIE VAN 'N BOOT MET 'N LENGTE VAN MEER AS 70 VOET.

(1) Die hoof- en hulpmasjinerie van 'n boot van meer as 70 voet in lengte en wat deur binnebrandmasjinerie aangedryf word, moet elke twee jaar vir ondersoek heeltemal oopgemaak word, volgens die goeddunke van die opnemer.

(2) 'n Proefwerking van die masjinerie moet met elke jaarlikse ondersoek deur die opnemer bygewoon word, en enige reparasies wat hy nodig ag, moet aangebring word.

126. LUGHOUERS.

Alle lughouers op elke boot moet hidrolies getoets word tot by 'n druk van $1\frac{1}{2}$ × werkdruk met tussenpose van hoogstens 4 jaar.

127. ELEKTRIESE MASJINERIE.

Die elektriese masjinerie en bedrading van elke boot wat so toegerus is, moet met elke jaarlikse ondersoek deur die opnemer ondersoek word. 'n Isolasietoets moet uitgevoer word indien die opnemer dit nodig ag. Die isolasieweerstand van afsonderlike stroombane mag oor die algemeen nie minder as 100,000 ohms wees nie.

128. STAALROMPE: DROOGDOK.

(1) 'n Boot met 'n staalromp moet met tussenpose van hoogstens een jaar in droogdok of op 'n sleephelling geplaas word sodat die opnemer die buitekant van die romp kan ondersoek.

(2) Die romp moet deeglik binnekant en buitekant skoongemaak word maar nie geverf word nie, en sulke boortoetse van die rompbeplating as wat die opnemer mag vereis, moet uitgevoer word.

(3) Die opnemer moet alle dele van die romp binnekant en buitekant ondersoek, en indien hy dit nodig ag, moet plafonisolering, steenkool, ens. verwyder word sodat 'n deeglike ondersoek gedoen kan word. Alle sluitingsapparaat vir dekopenings en alle luikhoofde, ventileerders en dekhuise moet noukeurig deur die opnemer ondersoek word.

129. HOUTROMPE: DROOGDOK.

(1) 'n Boot met 'n houtromp moet met tussenpose van hoogstens een jaar in droogdok of op 'n sleephelling geplaas word of doeltreffend op blokke gesteun word, sodat die opnemer die buitekant van die romp kan ondersoek. Die romp moet deeglik skoongemaak word, binne sowel as buite, maar nie geverf word nie, en sulke toetse van die beplanking as wat die opnemer nodig ag om die dikte daarvan te bepaal moet gedoen word.

(2) Die opnemer moet besondere aandag wy aan die toestand van bevestigingsmiddels, veral aan die ente, en enige planke waaroor daar twyfel bestaan, moet verwyder word vir verdere ondersoek en vervanging, indien nodig.

(3) Waterdigte beskotte, tesame met alle verstywings en bevestigingsmiddels moet in 'n goeie toestand gehou word. Die opnemer moet hierdie en alle ander dele van die romp inwendig sowel as uitwendig ondersoek met elke jaarlikse ondersoek, en indien hy dit nodig ag, moet plafonisolering, steenkool, ens. verwyder word sodat 'n deeglike ondersoek gedoen kan word. Alle sluitingsapparaat vir dekopenings, en alle luikhoofde, ventileerders en dekhuise moet deeglik deur die opnemer ondersoek word.

124. MAIN AND AUXILIARY MACHINERY OF A BOAT NOT EXCEEDING 70 FEET IN LENGTH.

(1) The main and auxiliary machinery of a boat not exceeding 70 feet in length and propelled by internal combustion machinery, shall not normally be required to be opened up for survey except for the periodic hydraulic testing of air receivers prescribed in regulation 126.

(2) At each annual survey, a running trial of the machinery shall be witnessed by the surveyor, who shall decide if any repairs are necessary and who may require any part to be opened up for survey.

125. MAIN AND AUXILIARY MACHINERY OF A BOAT EXCEEDING 70 FEET IN LENGTH.

(1) The main and auxiliary machinery of a boat exceeding 70 feet in length and propelled by internal combustion machinery, shall be completely opened up for survey every two years at the discretion of the surveyor.

